

# **Musiek en musiekinstrumente**

## **in die OT en antieke Nabye Ooste**

deur

Johannes Hermanus Groenewald

voorgelê ter vervulling van die vereistes vir die graad

**Magister Artium**

in Ou Testamentiese Wetenskap

aan die Fakulteit Teologie

Universiteit van Pretoria

PRETORIA

Studieleier: Prof DJ Human

April 2010

*“Prys Hom met die ramshoring, prys Hom met harp en lier! Prys Hom met tamboeryn en koordanse, prys Hom met snaarinstrumente en fluite! Prys Hom met simbale, prys Hom met galmende simbale! Laat alles wat asem haal, die Here prys! Prys die Here!” (Psalm 150:3-6)*

***Vir Ricus en Sarie...***

*Met die ramshoring prys ek die Here vir julle:  
vir julle ondersteuning en aanmoediging deur al die jare tot nou toe –  
julle is wonderlike ouers vir wie ek ontsettend lief is!*

***Vir Ronél en Marlené...***

*Met harp en lier prys ek die Here vir julle:  
Nella - jy's my grootste steunpilaar. Duisend dankies vir jou liefdevolle begrip.  
Ek waardeer jou meer as wat woorde kan sê en is oneindig lief vir jou!  
Né'tjie, jy's die snaar van my hart waарoor ek in koordanse wil losbreek...*

## INHOUDSOPGawe

<b>LYS VAN AFKORTINGS</b>	<b>5</b>
<b>LYS VAN ILLUSTRASIES</b>	<b>7</b>
<b>1 INLEIDING</b>	<b>9</b>
1.1 Inleiding.....	9
1.2 Probleemstelling.....	13
1.3 Doelwitte.....	14
1.4 Navorsingsmetodiek.....	15
1.5 Hipotese.....	16
1.6 Hoofstukindeling.....	16
1.7 Ortografie en Terminologie.....	18
1.7.1 Ortografie.....	18
1.7.2 Terminologie.....	18
<b>2 MUSIEK EN MUSIEKINSTRUMENTE IN DIE ANTIEKE NABYE OOSTE</b>	<b>22</b>
2.1 Inleiding.....	22
2.2 Vorme van musiek in die antieke Nabye Ooste.....	24
2.2.1 Sang.....	24
2.2.2 Dans.....	25
2.2.3 Orkesmusiek.....	28
2.2.4 Musikale instruksie.....	29
2.3 Musiekinstrumente in die antieke Nabye Ooste.....	29
2.3.1 Snaarinstrumente.....	31
2.3.1.1 Lier ( <i>kinnor</i> ).....	32
2.3.1.2 Harp ( <i>nebel</i> ).....	33

<b>2.3.2 Windinstrumente.....</b>	<b>34</b>
<b>2.3.2.1 Ramshoring (<i>šōphar</i>).....</b>	<b>34</b>
<b>2.3.2.2 Fluit.....</b>	<b>35</b>
<b>2.3.3 Perkussie-instrumente.....</b>	<b>35</b>
<b>2.3.3.1 Dromme.....</b>	<b>36</b>
<b>2.3.3.2 Simbale.....</b>	<b>37</b>
<b>2.3.3.3 Skud- en ratelinstrumente.....</b>	<b>37</b>
<b>2.4 Argeologiese en ikonografiese voorstellings van musiek en musiekinstrumente.....</b>	<b>38</b>
<b>2.5 Musiek en musiekinstrumente binne bepaalde kulture van die antieke Nabye Ooste.....</b>	<b>40</b>
<b>2.5.1 Egipte.....</b>	<b>41</b>
<b>2.5.2 Kanaän.....</b>	<b>44</b>
<b>2.5.3 Mesopotamië.....</b>	<b>46</b>
<b>2.5.3.1 Sumerië.....</b>	<b>47</b>
<b>2.5.3.2 Babilonië en Assirië.....</b>	<b>49</b>
<b>2.6 Gevolgtrekking.....</b>	<b>51</b>

### **3 MUSIEK EN MUSIEKINSTRUMENTE IN DIE OU TESTAMENT 53**

<b>3.1 Inleiding.....</b>	<b>53</b>
<b>3.2 Ontwikkeling van musiek.....</b>	<b>54</b>
<b>3.3 Musiekinstrumente in die Ou Testament.....</b>	<b>57</b>
<b>3.3.1 Ramshoring.....</b>	<b>65</b>
<b>3.3.2 Lier.....</b>	<b>66</b>
<b>3.3.3 Harp.....</b>	<b>66</b>
<b>3.3.4 Trompet.....</b>	<b>67</b>
<b>3.3.5 Tamboeryn.....</b>	<b>67</b>
<b>3.3.6 Fluit.....</b>	<b>68</b>
<b>3.3.7 Simbale.....</b>	<b>69</b>
<b>3.4 Musiekinstrumente in die Psalmbundel.....</b>	<b>71</b>

3.5	<b>Psalm 150 – crescendo van lof.....</b>	<b>79</b>
3.6	<b>Rol van musiekinstrumente in oorlogvoering.....</b>	<b>81</b>
3.7	<b>Rol van musiekinstrumente in aanbidding.....</b>	<b>83</b>
<b>4</b>	<b>SLOTBESKOUINGS</b>	<b>86</b>
4.1	<b>Inleiding.....</b>	<b>86</b>
4.2	<b>Probleemstelling.....</b>	<b>86</b>
4.3	<b>Doelwitte.....</b>	<b>87</b>
4.4	<b>Metodologie.....</b>	<b>88</b>
4.5	<b>Finale sintese.....</b>	<b>88</b>
	<b>BIBLIOGRAFIE</b>	<b>94</b>
	<b>OPSOMMING</b>	<b>100</b>
	<b>SUMMARY</b>	<b>102</b>

## LYS VAN AFKORTINGS

Am.	-	Amos
Bl.	-	bladsy
Bv.	-	byvoorbeeld
Dan.	-	Daniël
Deut.	-	Deuteronomium
ed.	-	editor
Eks.	-	Eksodus
Eseg.	-	Esegiël
et al.	-	et alia, et alii (L.), en ander(e)
e.v.	-	en verder
Fig.	-	Figuur
Gen.	-	Genesis
Hos.	-	Hosea
Jes.	-	Jesaja
Jer.	-	Jeremias
Jos.	-	Josua
Kon.	-	Konings
Kron.	-	Kronieke
L.	-	Latyn
Lev.	-	Levitikus
Luk.	-	Lukas
NAV	-	Nuwe Afrikaanse Vertaling (Bybel)
Neh.	-	Nehemia
Num.	-	Numeri
OT	-	Ou Testament
Ps.	-	Psalm
Pss.	-	Psalms
Rig.	-	Rigters
s.a.	-	sine anno (L.), sonder jaartal

Sef.	-	Sefanja
Sam.	-	Samuel
V.	-	vers
v.C.	-	voor Christus
vgl.	-	vergelyk

## LYS VAN ILLUSTRASIES

- Tabel 2.1 - Vergelyking tussen hedendaagse en antieke klassifikasie van musiekinstrumente
- Figuur 2.1 - Voorstellings op Paneas-munte: a) panfluit, b) panfluit met pedum, c) panfluitspeler en d) `n dwarsfluitspeler (Braun, 2002:294)
- Figuur 2.2 - Meret – Godin van blydskap soos uitgedruk in sang en dans (Keel, 1978:334)
- Figuur 2.3 - Vrou wat teen haar stembande op haar keel slaan vir ritmiese verdeling van lang vreugdesuitroep (Keel, 1978:337)
- Figuur 2.4 - Ivoorkissie met `n gegraveerde voorstelling van `n ensemble vroulike musikante wat, van links na regs, die dubbelfluit, handdrom en `n reghoekige siter met tien snare bespeel. (King & Stager, 2001:51)
- Figuur 2.5 - Spoelvormige kleiratel uit Hasor (Braun, 2002:101)
- Figuur 2.6 - Kultiese voorstelling van musikante uit terra cotta (King & Stager, 2001:290)
- Figuur 2.7 - Steen altaar met panfluit van Dionisius-kultus uit Bet San (Braun, 2002:251)
- Figuur 2.8 - Ysterklokkie uit Sesarea (Braun, 2002:200)
- Figuur 2.9 - Egiptiese hoekige harp (Sendrey, 1969:43)
- Figuur 2.10 - Egiptiese boogvormige harp (Sendrey, 1969:43)
- Figuur 2.11 - Groot boogvormige Egiptiese staanharpe (Sendrey, 1969:41)
- Figuur 2.12 - Beensistrum van Bet-el in Kanaän (Braun, 2002:89)
- Figuur 2.13 - Gekerfde ivoorklapper van Shiqmona uit die Hathor-kultus (Braun, 2002:90)
- Figuur 2.14 - Sumeriese lierspeler bespeel `n 11 snarige-lier by `n koninklike banket (Douglas, 1980:1033)

- Tabel 3.1 - Teksverwysings van musiekinstrumente soos in die Ou Testament vermeld
- Tabel 3.2 - Uiteensetting van die 5 boeke binne die Psalmbundel (Burger, 1987:16)
- Tabel 3.3 - Verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel (Manders, 2004:75)
- 
- Grafiek 3.1 - Voorkoms van die ramshoring in die OT
- Grafiek 3.2 - Voorkoms van die lier in die OT
- Grafiek 3.3 - Voorkoms van die harp in die OT
- Grafiek 3.4 - Voorkoms van die tamboeryn in die OT
- Grafiek 3.5 - Voorkoms van die trompet in die OT
- Grafiek 3.6 - Voorkoms van die fluit in die OT
- Grafiek 3.7 - Voorkoms van die simbale in die OT

## HOOFSTUK 1

### INLEIDING

#### 1.1 Inleiding

As iemand wat grootgeword het in `n christelike huis en uit `n musikale familie kom, het beide die Bybel en musiek my nog altyd gefassineer. Ek het as kind reeds met aandag na die verhale uit die Bybel geluister totdat ek dit later self kon lees en oordink. Dit was veral die Ou-Testamentiese verhale wat, net voor slapenstyd in my kinderde, die dag kleurvol laat afsluit het. Verhale waar musiek ter sprake was, soos toe Dawid vir Saul op die lier moes speel om hom te kalmeer of toe Gideon en sy manskappe `n oorwinning oor die Amalekiete behaal het deur op ramshorings te blaas, het my verbeelding aangegryp.

Vandat ekself kon lees, was die Psalmbundel dié boek in die Bybel wat ek die meeste gelees het. Dit is hier waar ek meer bewus geword het van die rol van musiek en musiekinstrumente in die Bybel. Die frase “vir die koorleier”, wat aan die begin van verskeie psalms aangetref word, het telkens opgeval. Dit word deurgaans verder toegelig: “met basstem” (bv. Ps. 12), “met fluitspel” (bv. Ps. 5), “met snarespel” (bv. Ps. 6) of soos in Psalm 8 slegs in die algemeen omskryf “met musiek”. Sommige psalms word gedefinieer as gedigte<sup>1</sup>, maar veel meer psalms word as liedere gekwalifiseer en sodoende met musiek verbind. So is daar psalms vir die koorleier<sup>2</sup>, klaagliedere<sup>3</sup> en dankliedere<sup>4</sup> om enkele voorbeeldte noem.

Liedere, musiek en musiekinstrumente is nie slegs beperk tot die Psalmbundel nie. In Eksodus 15 word daar verwys na Moses, Mirjam en die Israeliete wat `n lied gesing het nadat God hulle droogvoets deur die Rietsee laat trek het en hulle in die proses van die Egiptenare red. Op verskeie ander plekke in die Ou Testament word melding gemaak van liedere, onder andere in Numeri 21:17, Deuteronomium

<sup>1</sup> Pss. 16, 32, 42, 44, 45, 52-55, 57-59, 74, 78 en 88-89.

<sup>2</sup> Pss. 4-6, 8-9, 11-14, 18-22, 31, 36, 39-42, 47, 49, 51-62, 64-70, 75-77, 80-81, 84-85, 88, 109 en 139-140.

<sup>3</sup> Pss. 3, 6, 13, 22, 38-39, 42, 44, 51, 61, 74, 79 80 en 83.

<sup>4</sup> Pss. 18, 30, 32, 34, 40:2-12, 41, 66, 92, 107, 116, 118 en 138.

31:19-30, Rigters 5:3, 1 Kronieke 16:42, 2 Kronieke 7:6, Job 30:31 en Jesaja 42:10. Behalwe vir hierdie teksgedeeltes is daar verskeie verwysings na musiekinstrumente in kollektiewe terme, bv. in 1 Samuel 18:6, 1 Kronieke 15:16, 2 Kronieke 29:27, Nehemia 12:36, Daniël 3 en Amos 6:5. Verder word daar spesifiek na bepaalde musiekinstrumente in die Ou Testament verwys, bv. die **ramshoring**, **harp** en **lier** om enkele voorbeeldte te noem. Teksverwysings na hierdie drie musiekinstrumente word hieronder vermeld, terwyl die verwysings na ander musiekinstrumente wat in die Ou Testament uitgelig word later in hierdie studie duidelik sal word.

Die verhaal wat in Josua 6 opgeteken is waar God aan Josua die belofte gee dat Hy die stad Jerigo met al sy mense in Israel se mag sal oorgee, was nog altyd fassinerend. Laasgenoemde belofte word 'n werklikheid op 'n ongewone en interessante wyse wanneer God die Israeliete beveel om van die ramshorings gebruik te maak ten einde hierdie oorwinning op 'n oortuigende wyse te beklink:

*“Die sewende dag moet julle sewe maal om die stad loop. Dan moet die priesters die ramshorings blaas,<sup>5</sup>en sodra die ramshorings blaas en julle dit hoor, moet al die manskappe die aanvalskreet hard uitskreeu. Die muur van die stad sal dan inmekaar stort en die manskappe kan oorklim, elkeen reguit vorentoe...Net toe die manskappe die ramshorings hoor, het hulle die aanvalskreet hard uitgeskreeu. Toe stort die mure inmekaar...” (Jos. 6:4b-5,20).*

Wat eens vir my 'n gewone Bybelverhaal was, het uiteindelik my nuuskierigheid verder geprikkel. As Bybelstudent is ek gereed om nou meer breedvoerig na die Ou Testament te kyk. Dit het vir my duidelik geword dat musiekinstrumente nie net in Josua 6 nie, maar telkemale 'n belangrike rol gespeel het in meer as een opsig van die Israeliete se daaglikse lewe. Musiek en musiekinstrumente was 'n algemene verskynsel in die hele antieke Nabye Ooste. Die vernaamste drie musiekinstrumente wat in die antieke Nabye Ooste in gebruik was, is die **lier**, die **harp** en die **ramshoring**. Die vernaamste Mesopotamiese en Egiptiese

musiekinstrumente wat geïdentifiseer kan word uit beskrywings en uitbeeldings sluit drie primêre instrumente in, naamlik die harp, die lier en die luit - waarvan die harp en die lier die vernaamstes is (Freedman et al, 1992:937). Teen die einde van hierdie studie sal laasgenoemde duidelik wees.

Dit is opmerklik hoe baie die **ramshoring** as instrument in die Ou Testament ingespan is<sup>5</sup>. Daar word – met die uitsondering van die **lier** – meer as twee maal soveel keer melding gemaak van die **ramshoring** as van enige ander musiekinstrument. Sommige navorsers meen dat die ramshoring kwalik as 'n musiekinstrument geklassifiseer kan word. Tog was dit 'n instrument waarvan die klank oor die jare heen bygedra het tot sy merkwaardigheid en betekenis as 'n seingewende instrument (Bakon, s.a.:171). Die populariteit en betekenisvolheid van die **harp**<sup>6</sup> en die **lier**<sup>7</sup>, sowel as die **ramshoring** as musiekinstrumente van die antieke tyd sal deur hierdie studie ondersoek en verder beklemtoon word.

Die verhaal van die Ou Testament het hoofsaaklik in Palestina en die omliggende lande van daardie tyd afgespeel. Dit het meegebring dat invloede van die antieke Nabye Ooste 'n definitiewe impak op die godsdienstige en sosiale lewe van Israel gehad het. In meer as een opsig is daar ooreenstemming ten opsigte van sekere tradisies en gebruiks van die Israeliete in Palestina met dié van naburige volke. Vir hierdie studie is dit dus raadsaam om ook ondersoek in te stel na die kultuur-historiese agtergrond van lande soos Egipte, Kanaän en Mesopotamië met betrekking tot musiekinstrumente of ander musikale aspekte. In baie van hierdie ander kulture was daar volledige ontwikkelde musiekgildes wat mites, himnes en klaagliedere van hul eie godsdienste uitgevoer het. Die Kanaänitiese tekste het nie slegs sangers en musikante onder hul musiekgildes gelys nie, maar selfs ook

---

<sup>5</sup> Eks. 19:13, 16, 19; 20:18; Jos. 6:4, 6, 8, 13; Rig. 3:27; 6:34; 7:16, 18, 21; 1 Sam. 13:3; 2 Sam. 2:28; 6:15; 15:10; 18:16; 20:1, 22; 1 Kon. 1:34, 39, 41; 2 Kon. 9:13; 1 Kron. 15:28; 2 Kron. 15:14; Neh. 4:20; Ps. 81:4; 98:6; 150:3; Jes. 18:3; 27:13; 58:1; Jer. 4:5, 19, 21; 6:1, 17; 42:14; 51:27; Eseg. 7:14; 33:3, 4, 5, 6; Hos. 5:8; Joël 2:1, 15; Amos 2:2; 3:6; Sef. 1:16; 9:14.

<sup>6</sup> Ps. 33:2; 57:9; 71:22; 81:3; 92:4; 108:3; 150:3; Dan. 3:5, 7, 10, 15; Amos 6:5)

<sup>7</sup> Gen. 4:21; 1 Sam. 16:16, 23; 18:10; 19:9; 1 Kron. 25:3; Job 21:12; 30:31; Ps. 33:2; 43:4; 49:5; 57:9; 71:22; 81:3; 92:4; 98:5; 108:3; 144:9; 147:7; 149:3; 150:3; Jes. 16:11; 23:16; 24:8; Eseg. 33:32; Dan. 3:5, 7, 10, 15.

hul mites in poëtiese vorme wat baie met dié van vroeë Hebreeuse poësie ooreenstem (Ross, 2006:253). Verskeie musiekinstrumente is verbind aan ander volke van die antieke Nabye Ooste, veral Egipte (Douglas et al, 1980:1035).

Deur musiek se rol en plek in die antieke Nabye Ooste onder die vergrootglas te plaas, kan navorsers help om ander belangrike kulturele aspekte van die antieke volke raak te sien. Wat die musiekinstrumente aanbetrif, was daar oor-en-weer van mekaar geleent en by mekaar geleer. Deur die loop van hierdie studie word dit duidelik dat daar baie ooreenstemminge ten opsigte van die soort musiekinstrumente was wat in antieke tye in verskillende lande gebruik is.

Musiekinstrumente het `n belangrike rol gespeel in meer as een faset van die antieke samelewings. Verskeie fasette van die antieke samelewings was deur musiek gekenmerk:

- Mense wat gesing het terwyl hulle aan die werk was, byvoorbeeld putgrawers (Num. 21:17) of werkers op landerye (Jes. 16:10);
- Liedere vir emosionele ontlading wanneer mense hartseer was (Ps. 137);
- By feeste en ander gesellighede, byvoorbeeld troues (2 Kon. 11:14; Jes. 5:12; Luk. 15:25);
- Verskeie musiekinstrumente is veral in tye van aanvalle en oorloë gebruik (Eks. 32:18; Num. 10:1-7);
- Liedere wat as `n vorm van onderrig gebruik is, byvoorbeeld die lied wat Moses aan die Israeliete geleer het (Deut. 31:19, 22; 32:1-43) en die lied wat in opdrag van Dawid aan die inwoners van Juda geleer is (2 Sam. 1:17-27).

Verskeie tekste in die Ou Testament onderstreep die feit dat musiekinstrumente algemeen tydens militêre optrede gebruik was (Rig. 7:16-22; 1 Sam. 13:3; Neh. 4:20; Jer. 4:19, 21; Jer. 42:14 en Jer. 51:27). Musiekinstrumente is vrylik gebruik wanneer interaksie tussen God en sy volk plaasgevind het, veral tydens godsdienstige geleenthede (Eks. 19:19; 1 Kron. 15:14, 28, Ps. 81:4, 98:6 en 150:3). Uit Psalm 137:1-5 is dit duidelik dat musiek tydens die ballingskap `n uiting

van Israel se korporatiewe gemoed was. Jesaja 24:8-9 beklemtoon weer dat die gebrek aan musiek in swaar tye `n teken van smart was (Stander & Louw, 1990:312).

Een van die bekende musikale optredes in die Ou Testament bly dié van Eksodus 15:20-21. Mirjam het, met `n tamboeryn in die hand en `n pryslied op haar lippe, al dansende die vroue in lofprysing begelei.

Daar is reeds verwys na verskeie tekste in die Ou Testament wat in `n mindere of meerdere mate oor die musiek en meegaande musiekinstrumente van die antieke tyd berig. Om hierdie rede het baie navorsers deur die eeuue heen die Bybel as belangrikste bron gebruik in hul navorsing oor hierdie onderwerp. Verskeie studies is reeds in hierdie veld gedoen, onder andere deur Stainer (1914), Sendrey & Norton (1964) en Braun (2002). Vandag is daar `n veel ryker spektrum van bronne om uit te kies as slegs die Bybel alleen.

## 1.2 Probleemstelling

As musiek en musiekinstrumente `n belangrike rol in die antieke Hebreeuse en Israelitiese kultuur en ander omliggende kulture gespeel het, soos talle bronreeds aantoon, kan `n mens aanvaar dat dit `n studieveld is wat nog lank nie volledig deur navorsing ontgin is nie. Met die verskillende fasette van die alledaagse lewe van die antieke mens kan `n studie soos hierdie bydrae tot `n beter verstaan van die invloed wat musiek en musiekinstrumente op bepaalde kulture gehad het. Watter plek het die **ramshoring**, **harp** en **lier** byvoorbeeld in die antieke Nabye Oosterse wêreld ingeneem? Waarom word soveel melding gemaak van die **ramshoring** in die Ou Testament? Watter rol het die **ramshoring** in oorlogvoering en die aanbidding van Israel gespeel? Is daar `n rede waarom die **ramshoring** – en nie `n ander musiekinstrument nie – soveel prominensie geniet het? Hoe populêr was ander musiekinstrumente in die daaglikse leefwêreld van die antieke Israeliete? Het die **lier** en die **harp** ook soveel prominensie in

Palestina geniet as in ander kultuur van die antieke Nabye Ooste? Is daar enige ander musiekinstrumente wat `n noemenswaardige rol gespeel het?

Ten einde hierdie studieveld beter te verstaan, is dit nodig om die antieke kulture onder die vergrootglas te plaas en te delf vir antwoorde op hierdie relevante vrae. Gevolglik word daar met hierdie studie gepoog om elkeen van bogenoemde vrae so volledig moontlik te beantwoord sodat die leser `n beter begrip kan hê van die oorsprong, aard en rol van musiek en musiekinstrumente in die antieke Nabye Oosterse leefwêreld.

### 1.3 Doelwitte

Die titel van hierdie navorsingstudie lui: "***Musiek en musiekinstrumente in die Ou Testament en antieke Nabye Ooste***". Hieruit is dit reeds vir die leser duidelik wat die oogmerk van hierdie navorsingstudie is. Ten einde seker te maak dat die doel geensins onduidelik is nie is dit noodsaaklik om die ondergenoemde doelwitte van hierdie navorsingstudie soos volg uit een te sit:

- om aan die hand van reeds bestaande literatuur `n selfstandige begrip te vorm van die tipe musiek en musiekinstrumente van die breë antieke Nabye Oosterse leefwêreld;
- om die plek en funksie van musiek en musiekinstrumente in bepaalde antieke kulture van die antieke Nabye Oosterse wêreld vas te stel, naamlik dié van Egipte, Kanaän, Mesopotamië en Palestina;
- om die tipe musiek en musiekinstrumente wat kenmerkend was van die Ou-Testamentiese leefwêreld te identifiseer en hul plek en funksie onder die Israeliete in Palestina te bepaal;
- om die tipe musiek en musiekinstrumente wat in die Psalmbundel vermeld word te identifiseer en hul rol, frekwensie van voorkoms en betekenis uit te lig;
- om aan te toon hoe musiek en musiekinstrumente `n prominente rol in oorlogvoering en godsdiensaanbidding van die Israeliete in die Ou-Testamentiese leefwêreld gespeel het;

- om aan te dui dat daar veral drie musiekinstrumente was, naamlik die **ramshoring**, **harp** en **lier**, wat groter prominensie geniet het as ander musiekinstrumente in die meeste antieke kulture en in die alledaagse lewe van die Israeliete;
- om aan te illustreer dat die **ramshoring** dié musiekinstrument was wat die meeste in die Psalmbundel vermeld word en die grootste prominensie van alle musiekinstrumente van die Ou-Testamentiese leefwêreld vertoon.

#### 1.4 Navorsingsmetodiek

Hierdie is nie `n empiriese of eksegetiese studie nie, maar `n literatuurstudie waarin reeds-bestaaande literatuur oor die tema nagevors word ten einde `n eie tersaaklike bydrae te lewer tot die studieveld van musiek en musiekinstrumente in die antieke Nabye Oosterse leefwêreld. `n Kort literatuuroorsig sal gegee word van literatuur wat die tema aanspreek. Literatuur wat van argeologiese en ikonografiese bronne gebruik gemaak het vir hul navorsing is van primêre belang.

Wat die uiteensetting van hierdie navorsing betref, die volgende:

- Na die vorming van `n selfstandige begrip rakende hierdie studieveld, sal die studie fokus op spesifieke volke en die rol wat musiek en musiekinstrumente in hul leefwyse en ontwikkeling gespeel het. Laasgenoemde volke sluit in: die Egiptenare, Kanaäniete, Mesopotamiërs en Israeliete. Ons sal ondersoek instel na die kulture van Babilonië en Sumerië as deel van Mesopotamië;
- Daarna word die rol van musiek in die leefwyse en ontwikkeling van Israel geanalyseer soos in die Ou Testament aangetref;
- Die voorkoms van musiek en musiekinstrumente binne die Psalmbundel sal nagevors word deur na rol, frekwensie van voorkoms en betekenis te kyk;
- Klem word geplaas op die drie belangrikste musiekinstrumente wat in die Psalmbundel voorkom, naamlik die **ramshoring**, **harp** en **lier**. Dit sal ook vergelyk word met die mees prominente musiekinstrumente van die breër Ou Testament en dié van ander volke in die antieke Nabye Ooste;

- Verdere klem word geplaas op die betekenis van die **ramshoring** wat meer as enige ander musiekinstrument in die Ou Testament vermeld word;
- Vervolgens sal die studie aandui dat musiek en musiekinstrumente nie slegs in sosiale fasette van hul daaglikse leefwyse sterk gefunksioneer het nie, maar veral hoe belangrik dit tydens oorlogvoering en godsdiensbeoefening was.

Argeologiese en ikonografiese bronne word deurgaans gebruik om die teoretiese voorstelling van musiekinstrumente te komplementeer.

### 1.5 Hipotese

*Musiek en musiekinstrumente het deel gevorm van beide die godsdiens en sosiale kultuur van die meeste volke van die antieke Nabye Ooste.*

- *Veral in Palestina het musiek en musiekinstrumente 'n belangrike deel uitgemaak van die Israeliete se daaglikse lewe.*
- *Van al die musiekinstrumente van die antieke tyd het die **ramshoring**, harp en lier die meeste voorgekom in die antieke kulture, veral ook in Palestina.*
- *Van hierdie drie musiekinstrumente het die **ramshoring** 'n buitengewoon belangrike rol vervul in beide die Israeliete se oorlogvoering en godsdiensbeoefening.*

### 1.6 Hoofstukindeling

Hierdie studie bestaan uit vier hoofstukke. Die inleidende hoofstuk word gevvolg deur twee hoofstukke wat die kern vorm, waarna die gevolg trekking en samevatting van die navorsing in die laaste hoofstuk bespreek word.

**Hoofstuk 1** vorm die inleidende hoofstuk van hierdie studie. Ná die inleiding word die probleemstelling geformuleer, gevvolg deur die doelwitte van die studie. Die metode word daarna verduidelik, waarna die hipotese en die hoofstukindeling volg. Laastens word die ortografie verduidelik en die terminologie hanteer.

**Hoofstuk 2** fokus op die musiek en musiekinstrumente van die antieke Nabye Ooste wat vir die doel van hierdie navorsing die volgende lande insluit: Egipte, Kanaän, Mesopotamië (Babilonië en Sumerië). Musiek in Palestina word in hoofstuk 3 behandel waar die fokus op die Ou Testament is.

**Hoofstuk 3** handel oor die musiek en musiekinstrumente uit die Ou-Testamentiese leefwêreld, wat hoofsaaklik die landstreek Palestina dek, met beklemtoning van die **ramshoring**, **harp** en **lier**. Daar word veral gefokus op die rol van musiekinstrumente in oorlogvoering en aanbidding. Daar word spesifiek gekyk na die voorkoms, frekwensie, rol en betekenis van musiek en musiekinstrumente in die Psalmbundel met `n toelighting van die musikale rykdom uit Psalm 150.

**Hoofstuk 4** vorm die slotbeskouing van hierdie studie waar die vrae van hierdie inleidende hoofstuk rondom die relevansie van musiek en musiekinstrumente beantwoord word. Antwoorde sal op die volgende vrae gegee word:

- Watter plek het die **ramshoring**, **harp** en **lier** in die antieke Nabye Oosterse leefwêrelde gehad?
- Waarom word daar soveel melding gemaak van die **ramshoring** in die Ou Testament?
- Watter rol het die **ramshoring** in oorlogvoering en aanbidding van Israel gespeel?
- Is daar `n rede waarom huis die **ramshoring** – en nie `n ander musiekinstrument nie – soveel prominensie geniet het?
- Hoe populêr was ander musiekinstrumente in die daaglikse leefwêreld van antieke Israeliete?
- Het die **lier** en **harp** ook soveel prominensie in Palestina geniet as in ander kulture van die antieke Nabye Oosterse leefwêrelde?
- Is daar enige ander musiekinstrumente wat `n noemenswaardige rol gespeel het?

## 1.7 Ortografie en terminologie

### 1.7.1 Ortografie

Die Nuwe Afrikaanse Vertaling (NAV, 1983) van die Bybel word deurgaans vir hierdie studie gebruik, tensy anders vermeld. Die aangepaste Harvard-sisteem word vir alle verwysings gebruik. Alle bronne word in die bibliografie gelys. Waar van internet-artikels gebruik gemaak word, is voetnotas ingevoeg om die oorsprong van artikels aan te dui.

### 1.7.2 Terminologie

#### Aerofonies

Musiekinstrumente wat van lug gebruik maak om klank voort te bring. Een van die vier hoofkategorieë volgens die Hornbostel-Sachs-skema van musiekinstrument-klassifikasie;

#### Antieke

Die term ‘antieke’ word deur sommige navorsers beskou as ‘n direkte vertaling van die Engelse woord ‘antique’. Vir die doel van hierdie studie word die term ‘antieke’ egter deurgaans gebruik as sinoniem vir ‘ou’, bv. ‘ou Nabye Ooste’, ‘ou Israel’ en dies meer.

#### Antieke Nabye Ooste

Die nabijgeleë lande wat in die omgewing van Palestina geleë was in Bybelse tye;

#### Aristokrasie

Die beste kringe, vernaamste families van ‘n land; aansienlikes;

#### Blaasinstrumente

Instrument waarvan die klank voortgebring word deur (met die mond) daarin te blaas, byvoorbeeld ‘n trompet;

#### Etimologie

Geskiedenis van ‘n woord met aanduiding van sy oorsprong en ontwikkeling in vorm en betekenis;

<b>Etnologie</b>	Die studie van volkekunde;
<b>Etnomusikologie</b>	‘n Vertakking van musikologie gedefinieer as “die studie van sosiale en kulturele aspekte van musiek en dans in lokale en globale kontekste”;
<b>Genre</b>	‘n Term van literêre teorie. Die betekenis varieer afhangende van die spesifieke teorie van literatuur. Dit kan ‘n styl van skrywe wees, byvoorbeeld liries, dramaties of didakties;
<b>Hornbostel-Sachs-skema</b>	
	<b>Hornbostel-Sachs</b> (of <b>Sachs-Hornbostel</b> ) is ‘n sisteem van musiekinstrument-klassifikasie ontwerp deur <u>Erich Moritz von Hornbostel</u> en <u>Curt Sachs</u> wat vir die eerste maal in 1914 in die <i>Zeitschrift für Ethnologie</i> gepubliseer is. ‘n Engelse vertaling het vir die eerste keer in 1961 in die <i>Galpin Society Journal</i> verskyn en is die mees wyd erkende sisteem wat deur etnomusikoloë en organoloë gebruik word;
<b>Ideofonies</b>	Musiekinstrumente waarvan die klank primêr voortgebring word deur die fisiese romp van die instrument eerder as ‘n membraan, snaar of lugkolom. Buiten dromme, sluit dit alle perkussie-instrumente asook sommige ander instrumente in. Dit is een van die vier hoofkategorieë volgens die Hornbostel-Sachs-skema van musiekinstrument-klassifikasie;
<b>Ikonografie</b>	Wetenskap wat hom besig hou met die beskrywing en verklaring van beelde wat op bepaalde onderwerpe

betrekking het; leer van die voorstellings in skilderye, prente, ens. uitgedruk;

### **Jubeljaar (“Hersteljaar”)**

Dui op elke 50<sup>ste</sup> jaar wanneer die verarmdes in Israel vrygelaat is, hulle skuld afgeskryf is en hulle na hulle grond as wettige eienaars kon terugkeer;

### **Kordeofoniese instrumente**

Enige musiekinstrument wat klank produseer deur die vibrasie van snare tussen twee punte. Dit is een van die vier hoofkategorieë volgens die Hornbostel-Sachs-skema van musiekinstrument-klassifikasie;

**Liturgie** Die voorgeskrewe vorm en orde van die handelinge wat uitgevoer word by ‘n publieke godsdienstige seremonie;

**Luit** Snaarinstrument van Oosterse oorsprong met ‘n peervormige kas, met van 6-13 paar snare;

**Mediterreens** Van, behorend tot, kenmerkend vir die gebied rondom die Middellandse see;

### **Membranofoniese instrumente**

Enige musiekinstrument wat klank produseer deur middel van vibrasie oor ‘n gespanne membraan. Dit is een van die vier hoofkategorieë volgens die Hornbostel-Sachs-skema van musiekinstrument-klassifikasie. Die meeste membranofone is dromme;

**Musikologie** Van die Grieks: *μουσική* = "musiek" en *λόγος* = "woord" of "rede". Dit is die vakkundige studie van musiek;

## Organologie

Van die Grieks: *ὅργανον* = "instrument" en *λόγος* = "studie". Die wetenskap van musiekinstrumente en hul klassifikasie. Dit sluit in die studie van musiekinstrumente se geskiedenis, hul gebruik in verskeie kulture, tegniese aspekte van hoe klank geproduseer word en musiekinstrument klassifikasie;

## Perkussie instrumente

Instrumente wat met behulp van ritmiese stamp, stoot of slagbewegings klank voortbring, byvoorbeeld dromme;

## Ronde dans

‘n Sirkulêre “ketting”-dans, ook bekend as ‘n sirkeldans.  
‘n Tipe volksdans waar dansers aan mekaar verbind is in ‘n sirkel met verskeie verbintenismoontlikhede, bv. hand-in-hand, hand-op-skouer ens.<sup>8</sup>

## Snaarinstrumente

Musiekinstrumente waarvan die geluid voortgebring word deur snare, byvoorbeeld ‘n lier;

## Wysheidspсалm

‘n Psalm sonder enige onderskeibare individuele vorm, maar tog vertoon dit baie invloed van wysheidsliteratuur in sy denke, tipiese uitdrukkings en didaktiese bedoelings;

---

<sup>8</sup> [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org).

## HOOFSTUK 2

### MUSIEK EN MUSIEKINSTRUMENTE

### IN DIE ANTIEKE NABYE OOSTE

#### **2.1 Inleiding**

Van die vroegste tye af het musiek `n baie groot rol gespeel en het dit deur die eeue so `n groot invloed op die mensdom gehad dat dit moeilik is om die wêreld van vandag sonder musiek te kan indink. Dit is opmerklik hoe die antieke leefwêrelde van die Bybel, die antieke Nabye Ooste en Mediterreense wêreld bygedra het tot die vorming van musiek en musiekinstrumente.

Om die rol van musiek in antieke tye te bestudeer, is nie `n maklike taak of `n eenvoudige proses nie. Musiek is die mees abstrakte vorm van die kunste: anders as `n skildery of `n argeologiese artefak waarvan die tekstuur en vorm bestudeer kan word, spreek musiek sy eie taal wat nie sigbaar of tasbaar is nie. Fisiese kunswerke kan maklik nagevors word deur na die voorstellings daarvan of die ware Jakob self te kyk, maar met musiek is dit anders. Die belangrikste element, naamlik die kunstenaar of musikant, is afwesig en maak daarom die rekonstruering van die oorspronklike klanke onmoontlik. Die toonhoogte, spesifieke ritme en vorm van musiek uit antieke geledere is van die dinge wat nooit weer in hul oorspronklike vorm in `n hedendaagse konteks gerekonstrueer kan word nie (Tenney et al, 1975:311).

Wanneer ondersoek ingestel word na die musiek en musiekinstrumente van antieke tye en kulture, word `n periode en konteks bestudeer wat, eerstens, meer as twee millenia van die hedendaagse wêreld verwyder is. In die tweede plek moet in gedagte gehou word dat mondelinge oorlewerings vir eeue voortgeduur het voordat die geskiedenis rakende musiek en musiekinstrumente in die vorm van geskrewe weergawes beskikbaar geword het. Derdens moet in ag geneem word dat die antieke Israeliete – wat `n belangrike bron vir navorsing in hierdie studieveld uitmaak – geen voorstellings gemaak het van hoe hul

musiekinstrumente gelyk het nie. Die rede hiervoor is die tweede gebod wat Jahwe in Eksodus 20 as deel van die ‘Tien Gebooie’ aan Sy volk gegee het, naamlik dat hulle geen afbeelding van God mag maak nie. Volgens Sendrey & Norton (1964:10) het dit daartoe geleid dat geen afbeeldings van enige artikel wat in ou Israel se godsdiensstige aanbidding gebruik is, gemaak is nie. Met verloop van tyd is laasgenoemde stelling verkeerd bewys. Uit resente argeologiese opgrawings het dit duidelik geword dat die antieke Israeliete wel verskeie voorstellings van religieuse artikels of praktyke gemaak het, soos blyk uit die navorsing van Keel & Uehlinger wat die argeologiese bewyse van 8 500 amulette en inskripsies onder die vergrootglas plaas (1998:xiii). Tog is daar in hul boek - *Gods, Goddesses, and Images of God in Ancient Israel* - geen noemenswaardige voorstellings van antieke musiekinstrumente uit die antieke Nabye Ooste nie.

Sommige van die buurvolke van Israel het wel voorstellings van musiekinstrumente en die gebruik daarvan in hul eie konteks op mure, tempels en graftombes nagelaat om ons `n beter idee te gee van die voorkoms en funksionaliteit daarvan. Die meeste hiervan is deur die Egiptenare gedoen. In die rekonstruering van die musikale rykdom van die antieke wêreld skep dit `n verdere probleem dat daar deur die eeue heen soveel oor-en-weer by mekaar geleent is. Soms is dit uiter moeilik om die werklike oorsprong van `n bepaalde musiekinstrument te bepaal (Sendrey & Norton, 1964:10). En selfsanneer die werklike oorsprong van `n bepaalde musiekinstrument duidelik is, is daar ander problematiek wat na vore tree, byvoorbeeld die betekenis van `n bepaalde naam, die belangrikheid van `n bepaalde instrument, die ontentisiteit en die simboliek daarvan.

Vanuit vorige literatuur, veral tot en met die middel van die twintigste eeu, is dit duidelik dat verskeie navorsers die Bybel as hoofbron in hul navorsing rakende hierdie studieveld gebruik het. Die rede hiervoor was nie vanweë die rykdom van Bybelse inligting nie, maar eerder as gevolg van die Bybel se status as “Heilige Skrif”. Tog bestaan die Hebreeuse grondteks van die Ou Testament uit verskeie lae wat as gevolg van sy kontekstuele relasie voortdurend skuif en wat die totale

interpretasie in hierdie opsig bemoeilik en selfs kontroversieel maak. Die terme wat soms in die Ou Testament gebruik word, is dubbelsinnig. Alhoewel `n bepaalde teksgedeelte na musiekinstrumente kan verwys wat chronologies tot die verloop van sekere gebeure behoort, is dit enersyds moontlik dat dit eerder kan verwys na musiekinstrumente wat tydens die skrywer se leeftyd algemeen in gebruik was. Andersyds kan dit na plaaslike musiekinstrumente verwys wat algemeen bekend was teen die tyd dat die mondelinge tradisie uiteindelik geskrewe geword het (Braun, 2002:9) Problematiek soos hierdie kompliseer die taak van enige navorsing wat poog om `n geloofwaardige studie van musiek en musiekinstrumente van die antieke Nabye Oosterse wêreld te maak.

Verskeie literatuur het reeds verskyn wat hierdie studieveld vanuit verskillende hoeke probeer belig. Hierdie hoofstuk se doel is om `n selfstandige begrip te vorm van musiek en musiekinstrumente wat in die antieke Nabye Ooste gebruik is. Daar sal eerstens aandag geskenk word aan die verskillende groepe van musiekinstrumente wat algemeen in die meeste kulture van die antieke Nabye Oosterse wêreld voorgekom het. Daarna sal ander algemene vorme van musiek uitgelig word. Danksy literatuur wat van argeologies-ikonografiese bronne gebruik gemaak het om hul navorsing te staaf, sal verskeie vorme van musiek en musiekinstrumente in hierdie hoofstuk visueel voorgestel word. Veral Othmar Keel (1978) en Joachim Braun (2002) het waardevolle bydraes in dié verband gelewer wat van onskatbare waarde is.

## **2.2 Vorme van musiek in die antieke Nabye Ooste**

### **2.2.1 Sang**

Lank voor dat musiekinstrumente in die antieke wêreld sy buiging gemaak het, was sang alreeds `n baie sterk vorm van musikale uiting. Vir die antieke mens het sang `n belangrike rol gespeel in meer as een aspek van hul lewens: tydens die geboorte van kinders, om kinders rustig te maak, om skape rustig te laat wei, tydens harde en eentonige werk, byvoorbeeld wanneer druwe getrap is of `n put

gegrawe is, tydens huweliksfeeste en tydens feesvierings na afloop van `n oorwinning oor die vyand (Freedman et al, 1992:931).

In die nie-Joodse kulture binne die antieke Nabye Ooste was daar volledig ontwikkelde musiekgildes wat van die mites, himnes en klaagliedere van hul godsdiens gesing het (Ross, 2006:253).

Verskeie tale van die antieke tyd is gekenmerk deur uitdrukings van spontane vreugde. Die woord “hallal” of verbuigings daarvan is hiervoor gebruik. So het die Arabiese *tahlil* beteken dat vrouens die mans tot oorlog oproep, terwyl *tahallala* verwys het na algemene vreugdevolle uitroope. In Hebreeus het *hll* verwys na entoesiastiese uitroope vir `n mooi man of vrou (vgl. Ps. 78:63, Gen. 12:15 & Hoogl. 6:9) (Keel, 1978:335).

In antieke Egipte was die godin Meret (ook Mert genoem) sterk geassosieer met blydskap soos uitgedruk in sang en dans<sup>9</sup>. In figuur 2.2 (einde van hoofstuk) word sy in `n aanbiddende hoedanigheid voorgestel met uitgestrekte hande na bo – die beliggaming van kultiese gejuig (Keel, 1978:334).

Tydens geleenthede van lof het deelnemers lang uitroope van vreugde gegee wat ritmies verdeel was deur met die hand op die stembande teen die keel te slaan. Laasgenoemde word uitgebeeld in figuur 2.3 (einde van hoofstuk). Die antieke klank wat tydens sang met hierdie tegniek veroorsaak is, is steeds populêr in die hedendaagse Nabye Ooste (Keel, 1978:337).

### 2.2.2 Dans

Sang en dans word dikwels in die Ou Testament saam genoem. Dans was `n besondere ekspressiewe uiting van emosies wat deur musiek opgeroep is (Stander & Louw, 1990:310-311). Dans het as musiekvorm vanuit hierdie leefwêrelde gekom wat die Christen-era voorafgegaan het (Kraus, 1969:27). Alhoewel dans

---

<sup>9</sup> [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org).

nie as sulks musiek is nie, word dit gewoonlik met musiek geassosieer. Dans is so oud soos musiek self en het sy oorsprong in die mens se behoefté om sy emosies in die vorm van liggaamsbewegings uit te druk (Sendrey, 1969:441). Dis algemeen bekend dat dans afhanklik is van musiek. Anders gestel, musiek is onontbeerlik wanneer dans ter sprake is. Laasgenoemde word beklemtoon deur Emmanuel (1916:216) wat daarop wys dat die woord ‘refrein’ in die Griekse taal ver meer betekenisvol is as in Engels aangesien dit ‘n eenheid impliseer van die dans en die lied. Kraus (1969:35) voer aan dat die Griekse woord *mousiké*, “the art of the Muses”, musiek, poësie en dans ingesluit het wat vir die antieke Grieke alles deel van een ding was.

Dans is as kunsvorm reeds vir eeue bekend en derhalwe nie vreemd aan die leefwêreld van die antieke Nabye Ooste nie. Ons eerste werklike kennis van dans is moontlik gemaak danksy die Mediterreënse beskawings wat die Christelike era voorafgegaan het. Dit was in antieke Egipte waar dans vir die eerste maal ‘n volwaardige opbloei getoon het. Dit het duidelik geword uit die talle muurtekeninge en reliëfwerk, asook die melding daarvan in Egiptiese hiërogliewe en literêre werke (Kraus, 1969:27).

In een van die Amarna-briewe van die veertiende eeu, vind ons die woorde van ‘n Akkadiër aangaande 40 byvroue wat vir die prins van Gezer gegee word in ruil vir ander byvroue. Die Kanaänitiese slawemeisies wat hier ter sprake is, was ook dansers en musikante: ‘n hoë kommoditeit in die agtiende en negentiende Egiptiese dinastie (Braun, 2002: 85).

Sendrey (1969:441) voer aan dat religieuse danse deur die Foenisiërs ontwikkel was aangesien hulle ‘n god van dans, *Ba'al Markod*, gehad het. Die dans in Egipte was, soos in Foenisië, gesien as van goddelike oorsprong. Hathor, die moeder van Horus, was nie net die godin van die hemel, bome en liefde nie, maar ook die godin van musiek en dans. ‘n Bekende gesig op die deure van Egiptiese

tempels is dié van die koning wat `n rituele dans uitvoer terwyl hy sakrale geskenke aan die god van dans offer (Sendrey, 1969:442-443).

Dansseremonies vir die god *Ptah*, uit dankbaarheid vir die jaarlikse oorstroming van die Nyl se walle, was `n bekende gesig in antieke Egipte. Die meeste van hierdie dansseremonies is waarskynlik deur die Israeliete waargeneem terwyl hulle slawe was in Egipte en dis daarom geen wonder dat die Egiptiese danse so `n sterk invloed op hulle gehad het nie. Die meeste karaktertrekke van beide die religieuse en sekulêre danse is sonder enige wysigings in die antieke Israeliete se kultuur waarneembaar (Sendrey, 1969:443).

Alhoewel Bybelskrywers nie breedvoerige detail gee oor dans nie, is dit `n vorm van godsdiensverering wat telkens in die Ou Testament saam met musiek genoem word. Van die vroegste tye af is feeste reeds deur beide musiek en dans opgehelder soos ons in Genesis 31:27 en Eksodus 15:21 sien (Stander & Louw, 1990:310-311). Die Hebreeuse woord vir dans is *māhōl* (*māhōl*). *māhōl* en *mēhōlā* dui meesal op die ronde dans wat nie uitsluitlik nie, maar gewoonlik deur vrouens gedoen is. So was dit in Eksodus 15 vroue wat onder begeleiding van tamboeryne saam met Miriam haar oorwinningslied gedans het (*mēhōlōt*). Ook Jefta was deur sy dogter met danse (*mēhōlōt*) begroet na sy oorwinning in Mispa (Rig. 11:34). Volgens 1 Samuel 18:6 is Dawid en koning Saul deur dansende (*mēhōlōt*) vroue begroet nadat hulle die Filistyne verslaan.

Rigters 21:19-21 berig van die fees in Silo waar die meisies langs die wingerde gedans het. In antieke tye het dans ook `n geleentheid geskep vir mans en vrouens om pasmaats te word – die doel hiervan was religieus van aard en dit het `n bydrae tot die gemeenskap beteken (Eaton, 1975:137).

Jeremia profeteer oor `n tyd wanneer mans en vrouens saam sal dans: die tyd wanneer die Here die lot van Israel en Juda sal verander:

*“Dan sal die jong meisies dans van blydskap saam met die jong mans en die ou mans.” (Jer. 31:13)*

Ons vind slegs een Bybelse verwysing na `n man wat gedans het: koning Dawid wat “met volle oorgawe voor die Here dans met net `n linnenkouerkleed aan” (2 Sam. 6:14-16). `n Linnenkouerkleed was `n priesterlike kledingstuk wat beteken dat die koning moontlik die rituele dans van `n priester uitgevoer het (King & Stager, 2001:298).

Anders as in Egipte, is dans in Israel nie geassosieer met tydperke van rou of begrafnisse nie. Uit Psalm 30:12 blyk dit asof dans en rou eerder teenoor mekaar gestel is. Prediker 3:4 beklemtoon hierdie teenstelling. Vir die Israeliete was dans `n musikale vorm sinoniem met vreugde, eerder as met rou. Psalm 87:7 verwys na dans wat verband gehou het met Israel se godsdienstige verering (King & Stager, 2001:299-300).

### **2.2.3 Orkesmusiek**

‘n Mens sou dink dat `n orkes `n hedendaagse verskynsel is, maar helaas nie. Soos wat musiek meer formeel geword het in antieke tye, is professionele gildes van musikante gevorm om as kore en orkeste in verskeie tempels en in die koning se paleis op te tree. Tydens Amos se verblyf in Bet-el vaar hy uit teen die leegheid van die tempelmusiek wat deur die orkes gemaak word (Am. 5:23).

Nog `n voorbeeld hiervan word in die Assiriese annale gevind waar koning Hiskia aan koning Sanherib van Assirië `n groot som geld moes betaal vir die stad, wat manlike en vroulike musikante ingesluit het (Freedman et al, 1992:933).

Uit die Psalms is dit duidelik dat kore en orkeste `n realiteit was van die antieke era (Matthews, 2006:115). In ander kulture was mites, himnes en klaagliedere van hul eie godsdienste ongetwyfeld deur volledig ontwikkelde musiekgildes uitgevoer. Sangers en musikante word in Kanaänitiese tekste as deel van die gildes gelys,

asook mites in poëtiese vorm soortgelyk aan vroeë Hebreeuse poësie (Ross, 2006:253).

#### **2.2.4 Musikale instruksie**

Musikale instruksie in antieke tye was geen seldsame verskynsel nie. Dit blyk veral uit sommige Ou Testamentiese teksgedeeltes (Bv. Eks. 17:14, Deut. 31:22, 1 Kron. 9:33). Die priesters wat hiervoor verantwoordelik was, moes voltyds aandag gee aan hierdie belangrike aspek van die tempelbyeenkomste. Deel van hul priesterlike taak was die musikale instruksie van musikante. Uit 1 Samuel word dit duidelik dat musikale instruksie `n belangrike plek gehad het binne die kultuur van die antieke Israeliete. Hierdie georganiseerde musikale instruksie het spoedig op ander plekke begin posvat (Vgl. 1 Sam. 19:20; 2 Kon. 2:12; 2 Kon. 6:1).

Maar waar het dit alles begin? By Moses wat deur die Egiptenare onderrig is met die gevolg dat hy weer op sy beurt die Israeliete onderrig het (Sendrey, 1969:480).

Uit verskeie psalmopskrifte is dit duidelik dat spesifieke instruksies aan koorleiers gegee is rakende die sing van die betrokke psalms, asook hoe om hierdie optredes te orkestreer. Sommige van hierdie opskrifte bevat instruksies aangaande spesifieke instrumente, met tegniese terme plek-plek ingesluit soos die bekende *selah*, waarvan die presiese betekenis tot vandag toe aan navorsers onbekend is (Matthews, 2006:115).

#### **2.3 Musiekinstrumente in die antieke Nabye Ooste**

Stainer (1914) het vroeg in die twintigste eeu reeds sy bydrae tot hierdie studieveld gelewer. Hy gee `n kort oorsig van elke musiekinstrument wat in die Bybel genoem word asook die konstruksie, oorsprong en gebruik van elkeen ter sprake. Aan die hand van vier kategorieë hanteer hy die musiekinstrumente wat in die Bybel voorkom, naamlik snaarinstrumente, windinstrumente, perkussie-instrumente en vokale musiek. `n Vlugtige verwysing na die invloede van Sirië,

Egipte en Assirië kom ook ter sprake voordat hy die musiekinstrumente self hanteer.

‘n Kort oorsig oor hierdie antieke musiekinstrumente met verwysing na hul bou, voorkoms en toonproduksie, sal aan die hand van die eersgenoemde drie kategorieë hierbo, volg.

Sendrey (1969:262) plaas die musiekinstrumente van die antieke era in dieselfde kategorieë as Stainer (1914). Hy voer aan dat die hedendaagse klassifikasie van musiekinstrumente nie gebruik kan word om die antieke musiekinstrumente te klassifiseer nie. Die hedendaagse klassifikasie is gebaseer op die toonproduksie van die musiekinstrumente terwyl die antieke musiekinstrumente onder bogenoemde drie kategorieë geklassifiseer word op grond van hul eksterne voorkoms. In die onderstaande tabel (Tabel 2.1) word hierdie verskil tussen die antieke en hedendaagse musiekinstrumente verduidelik:

Klassifikasie van hedendaagse musiekinstrumente	Klassifikasie van antieke musiekinstrumente
Aerofoniese instrumente	Windinstrumente
Elektrofoniese instrumente	Geen
Ideofoniese instrumente	Perkussie-, skud- en ratelinstrumente
Kordofoniese instrumente	Snaarinstrumente
Membranofoniese instrumente	tōp (Hebreeus) = drom; tamboeryn

**Tabel 2.1 Vergelyking tussen hedendaagse en antieke klassifikasie van musiekinstrumente**

As gevolg van die hedendaagse klassifikasie van musiekinstrumente volgens toonproduksie word hul verder in die volgende kategorieë ingedeel:

- Aerofoniese instrumente – fluite, klarinet, horing, trompet, ramshoring;

- Elektrofoniese instrumente - elektriese klavier en klawerbord;
- Ideofoniese instrumente – klokkies, simbale, ratels, gongs;
- Kordofoniese instrumente – lier, trigon, luit, harp;
- Membranofoniese instrumente – dromme, tamboeryne.

Bogenoemde kontemporêre klassifikasie geld nie vir die musiekinstrumente van die antieke tyd nie (Sendrey, 1969:262). Die kategorisering word gedoen aan die hand van snaar-, wind- en perkussie-instrumente.

Daar was verskeie musiekinstrumente in gebruik in die verskillende kulture van die antieke Nabye Ooste. Musiekinstrumente is van verskeie materiale gemaak. Normaalweg is instrumente gekonstrueer van brons, yster, goud en silwer. Soms is musiekinstrumente van erdewerk gemaak, terwyl been by tye gebruik is in die skep van wind en perkussie instrumente (King & Stager, 2001:291).

Omdat daar oor-en-weer by mekaar geleen is, het `n bepaalde musiekinstrument baie maal in meer as een kultuur voorgekom, meestal in `n gewysigde vorm. Die vraag ontstaan dan watter vorm die oorspronklike een is en watter is replikas van die oorspronklike? Die onderskeie soorte musiekinstrumente wat algemeen bekend was vanweë hul gebruik in die verskillende kulture van die antieke Nabye Ooste sal nou bespreek word. Daar sal telkens verwys word na die bou, voorkoms en toonproduksie van die belangrikste musiekinstrumente in elke kategorie.

### 2.3.1 Snaarinstrumente

Snaarinstrumente het van die vroegste tye af algemeen in die meeste antieke kulture voorgekom. Alhoewel daar soms onsekerheid bestaan oor die aantal snare van bepaalde snaarinstrumente, blyk daar meer sekerheid te wees rakende die materiaal waarvan hulle en hul komponente (bv. snare) gemaak is, asook die vorm van die onderskeie snaarinstrumente. Die terminologie is egter weer `n heel ander saak. Daar heers polemiek rondom die terme *kinnor* en *nebel* – wat is wat?

Sommige navorsers stel voor dat die Hebreeuse woord *kinnor* baie moontlik met die woord lier vertaal kan word. Wanneer dit by die woord *nebel* kom, raak dit nog moeiliker. Uit die variërende vertalings van die woord *nebel*, wil dit blyk sinoniem te wees met *kinnor* (Freedman, 1992:937). Keel (1978:346) is daarvan oortuig dat hierdie twee terme twee verskillende soorte liere aandui.

Nietemin, onder die snaarinstrumente in die mediterreense wêreld was die lier en die harp die bekendste. Laasgenoemde blyk uit die frekwensie van hul gebruik, hetsy alleen of in kombinasie met mekaar. Beide was sonder twyfel gereken as die aristokratiese musiekinstrumente van tempelmusiek (Bakon, s.a.: 166).

Vir die doel van hierdie studie is dit noodsaaklik om te noem dat met alle verdere verwysings na *kinnor* en *nebel* onderskeidelik die lier en harp bedoel word.

### 2.3.1.1 Lier (*kinnor*)

Die woord *kinnor* word in verskillende vorme aangetref in Egiptiese-, Hetitiese- en Sanskrit-geskrifte en is nou verbonde aan die Griekse woord *kithara* (Tenney, 1975:320). Die *kinnor* het eers later prominent onder die Grieke verskyn soos uit Griekse geskrifte duidelik is. Uit die aantal verwysings na die lier in die alledaagse lewe, sowel as die aanbidding van Jahwe is dit duidelik dat dit 'n baie populêre musiekinstrument was. Daar word meer na die lier verwys as na die harp (Webber, 1994:237).

Die kenmerk van die lier by uitstek was 'n jukgedeelte, hetsy boogvormig of reghoekig, wat sonder twyfel afwesig was by die harp (Keel, 1978:346). Die snare van die lier is oor 'n raam gestrek vanaf 'n dwarsbalkie wat deur twee nekgedeeltes ondersteun is. Verder het die lier oor 'n vingerbordgedeelte beskik. Laasgenoemde was vir die verandering van toonhoogtes (Webber, 1994:237). Sipreshout is gebruik in die vervaardiging van die lier. Later is sandelhout gebruik (Douglas, 1980:1036).

Daar heers onsekerheid oor die karakter en assosiasie van die klank van die lier. Wat wel duidelik is, is dat daar variasie moontlik was met hierdie musiekinstrument (Freedman, 1992:937). Antieke Egiptiese grafkuns beeld Semiete van Shutu (Trans-Jordanië) uit met plektrums in hul hande wat die lier bespeel. Volgens 1 Samuel 16:23 het Dawid die lier “met sy hand” bespeel. Die feit dat geen melding van ‘n plektrum hier gemaak word nie, is geen aanduiding dat die lier slegs met die hand bespeel is nie (Douglas, 1980:1036). Die harp is met die vingers gepluk; die lier daarenteen, is soos die kitaar en die siter, dikwels met ‘n plektrum getokkel terwyl die vingers van die vry hand die ander snare stilgemaak het tydens akkoorde<sup>10</sup>.

### 2.3.1.2 Harp (*nebel*)

‘n Gewilde musiekinstrument, wat meer as 50 keer in die Bybel vermeld word, was die harp. Dit was gereken as die mees besondere van al die musiekinstrumente van die antieke tyd en is tydens vreugdevolle ceremonies sowel as rougeleenthede ingespan (Lockyer, 2004:46). Die eerste Bybelse verwysing na die harp is in Genesis 4:21 waar Jubal die vader genoem word van dié wat op die harp en fluit speel. Sommige vertalings verwys egter na die “liер en die fluit” (NAV). Die harp was ‘n belangrike musiekinstrument in Israelitiese aanbidding (Webber, 1994:237).

Die harp het uit ‘n klankkas aan die onderkant bestaan, met twee houtarms en ‘n dwarsbalk aan die bokant wat gesamentlik ‘n raam gevorm het. Die snare van die harp – oorspronklik van gedraaide gras of plantvesels – is oor die raam gespan. In latere tye is die harp se snare van derms, systof of metaal gemaak (Lockyer, 2004:46). Antieke Egiptiese harpe het tradisioneel tien of twaalf snare gehad. Die term ‘asor word dikwels saam met *nebel* gebruik en verwys na ‘n “instrument van tien [snare]” (Webber, 1994:237). Omdat die harp, anders as die lier, nie oor ‘n vingerbordgedeelte beskik het nie, is elke snaar slegs tot een toonhoogte beperk (Webber, 1994:237). Soos met die lier, is die harp eers van sipreshout en later van sandelhout gemaak (Douglas, 1980:1036).

---

<sup>10</sup> [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org).

### 2.3.2 Windinstrumente

Hierdie musiekinstrumente staan bekend as aerofoniese instrumente wat beteken dat dit klank voortbring deur die vibrasie van lug of wind binne, deur of rondom die instrument. Windinstrumente van die antieke tyd kan in twee groepe ingedeel word. Die eerste groep is windinstrumente waar die lippe van die speler die vibrasie, wat die klank veroorsaak, produseer. Die ramshoring is die beste voorbeeld hiervan (Freedman, 1992:936). Ander voorbeelde is die horing en die trompet. Die ander kategorie behels windinstrumente wat klank produseer by die punt waar die lug die instrument binnegaan. Dit sluit byvoorbeeld die enkelpyp en fluite in. Sommige navorsers identifiseer 'n derde kategorie, naamlik dié wat van 'n vibrerende riet of riete gebruik maak. Dit sluit musiekinstrumente soos die klarinet en hobo in. Laasgenoemde twee kategorieë word soms as "pype" geklassifiseer (Webber, 1994:235).

Die bekendste windinstrumente was die *hālīl* – 'n soort primitiewe klarinet, die *mashrōqītā* – 'n fluit en die *sūmpōnyāh* – 'n soort doedelsak (vgl. Dan. 3:5) (Pfeiffer, 1975:1163).

Vervolgens 'n bespreking van die vernaamste windinstrumente aan die hand van bogenoemde kategorieë.

#### 2.3.2.1 Ramshoring (*šōphar*)

As die antieke musiekinstrument wat die maklikste gemaak is, was die ramshoring van die vroegste tye af algemeen in gebruik, veral in Israel. Volgens Eksodus 19:16 het Jahwe, die God van Israel, waarskynlik self die ramshoring geblaas om die Israeliete se aandag te trek.

Die woord *šōphar* kan moontlik etimologies van die akkadiese woord *šappāru* af kom. Hierdie Akkadiese woord is self 'n afgeleide benaming uit die Sumeriese taal, komende van die woord *šeḡbar* wat "ibeks" of "wildsbok" beteken - 'n soort steenbok wat lief was vir klapperige rantjies of bergagtige omgewings. Die horings

van hierdie bokramme was meestal gebruik om ramshorings te maak (Braun, 2002:26). Die Talmud beklemtoon dat die ramshoring dikwels van `n bokram se horings gemaak was. Die horings van `n koei- of kalf mag nie gebruik word vir die maak van die *šōpar* nie (Talmud)<sup>11</sup>. Dit is dus geen toeval dat hierdie instrument se naam in verband gebring word met die Hebreeuse woord vir “*ram*” (*yobel*) nie (Achtemeier et al, 1985:665).

Die ramshoring, wat verwant is aan die trompet, is hoofsaaklik in godsdiensbeoefening gebruik, veral om mense op te roep. Die ramshoring kan maar slegs een of twee klanke voortbring. Daarom is dit `n instrument wat veel eerder vir seine gebruik is as om musiek te maak (Keel, 1978:341). In kort, kan ons van `n seininstrument praat eerder as van `n musiekinstrument.

### 2.3.2.2 Fluit

Die fluit wat in antieke tye bespeel was, is die *mashrōqītā* genoem, aangeleid van die woord *mashrōqī* wat “sis of fluit” beteken (Tenney, 1975:320). Soms word die woord *hālīl* ook met fluit vertaal, hoewel dit eerder `n soort hobo (Douglas, 1980:1037) of primitiewe klarinet was (Pfeiffer, 1975:1162). *Hālīl* is aangeleid van `n woord wat die betekenis dra van “boor of deurboor” – `n kenmerk van die fluit met sy gate vir die vingers. Die *aulos*, wat veral deur die Griekse gebruik is, was die Nuwe Testamentiese ekwivalent van die *hālīl* en met beide kon, anders as die ramshoring, `n melodie gespeel word (Douglas, 1980:1037).

Fluite is van hout, been, riet of ivoor gemaak. Soms was dit `n enkelpyp en soms `n dubbelpyp met een mondstuk. `n Dubbelpyp het uit twee V-vormige pype, keëls of silinders bestaan met `n riet of rietgedeeltes aan die bopunt van die V. Die pype kon dieselfde lengte wees, maar die gate op die twee pype het normaalweg van mekaar verskil: waar die een pyp `n hele aantal gate sou hê, het die ander pyp slegs een gat gehad wat `n soort dreunklank meegebring het (Freedman,

---

<sup>11</sup> [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org).

1992:936). Deels as gevolg van die feit dat hierdie musiekinstrument maklik vervaardig is, was dit `n baie populêre musiekinstrument (Pfeiffer, 1975:1163).

### 2.3.3 Perkussie-instrumente

Onder perkussie-instrumente word klokkies, dromme, simbale en tamboeryne gereken. Perkussie-instrumente was musiekinstrumente wat klank voortgebring het deur dit op verskillende maniere te skud of te slaan. “Perkussie” kom van ‘n woord met die betekenis “om te skud”, ‘n aksie wat ongetwyfeld nodig is as ‘n mens byvoorbeeld klank wil voortbring uit ‘n tamboeryn. In die tyd van die Bybel was perkussie-instrumente redelik elementêr en van ‘n beperkte verskeidenheid (Lockyer, 2004:59-60).

Meeste leksikons vertaal die Hebreeuse woord *toph* (Eks. 15) met *timbrel* of *tabret* (Verwysing: *Analitiese leksikon*). Die bekende vertaling van hierdie woord met ‘tamboeryn’ is baie algemeen en bekend, maar dit kan ook misleidend wees. Wanneer ons aan ‘n tamboeryn dink, dink ons aan ‘n instrument met klokkies wat geskud word.

#### 2.3.3.1 Dromme

Dromme word gekategoriseer onder die membranofoniese musiekinstrumente van die antieke tyd. Die Hebreeuse woord wat hiermee geassosieer word is *tōph* en kan moontlike vertalings soos “drom”, “raamdrom”, “tamboeryn” of “timbrel” insluit. Hierdie Hebreeuse woord is veral geassosieer met sang, feesgeleenthede, prosessies en orkeste (Freedman, 1992:936). Antieke dromme was aansienlik kleiner as die hedendaagse weergawes, maar was net soos vandag met die hande of met stokke bespeel. Dit was gewoonlik kleiner handdromme wat met ‘n band om die lyf vasgemaak is of andersins vasgehou is. Die feit dat vroue baie maal hierdie instrument bespeel het, soos gesien in Eksodus 15, bevestig die kleiner bou hiervan (Stander & Louw, 1990:309).

### 2.3.3.2 Simbale

Twee soorte simbale was bekend in die antieke tyd. Die een soort het uit twee vlak en hol metaalplate bestaan waarvan een in elke hand vasgehou is. Hierdie twee plate is dan teen mekaar geslaan om sodoende klank voort te bring. Die ander soort simbale het `n koppievormige voorkoms gehad. Die een simbaal is gewoonlik stil gehou, terwyl die ander een met fors op die stil simbaal neergebring is (Douglas, 1980:1040).

Simbale was in die antieke tyd gewoonlik van brons of silwer gemaak en die verwysings na hierdie musiekinstrument was sonder uitsondering in die meervoudvorm wat daarop wys dat dit uit meer as een gedeelte bestaan het. Die kleiner koppievormige simbale wat vertikaal op mekaar geslaan is het `n sagter en hoër toon tot gevolg gehad, terwyl die groter simbale wat horisontaal teen mekaar geslaan is `n baie groter en harder klank tot gevolg gehad het. Artistiese uitbeeldings van antieke Egiptiese simbale wat met laasgenoemde soort ooreenstem, blyk baie naby aan ons moderne simbale te wees (Pfeiffer et al, 1975:1163)

### 2.3.3.3 Skud- en ratelinstrumente

Onder skud- en ratelinstrumente kan ons verskillende musiekinstrumente van betekenis uit die antieke tyd lys, waarvan die tamboeryn die bekendste is. In Eksodus 15 vind ons twee verwysings na die tamboeryn wat deur Miriam en die vroue bespeel is as begeleiding vir hul loflied. Alhoewel 1 Samuel 10:5 moontlik daarop kan dui dat die tamboeryn ook deur mans bespeel is, blyk daar groter eenstemmigheid te wees oor die feit dat dit `n musiekinstrument was wat gewoonlik deur vroue bespeel is (Eks. 15:20; Rig. 11:34; 1 Sam. 18:6; Ps. 68:25) (Bakon, s.a.: 165).

Die tamboeryn het normaalweg uit `n ronde houtraam bestaan met `n styfgespande stuk dierevel aan die eenkant daarvan oorgetrek. Agter hierdie stuk vel, in die houtraam, was verskeie metaalskyfies of –klokkies in `n losserige styl

geheng wat verantwoordelik was vir die kenmerkende klank wat die tamboeryn kon voortbring (Pfeiffer et al, 1975:1163). Die raam van die tamboeryn was óf enkel- óf dubbelkantig. Soms is klei ook hiervoor gebruik in plaas van hout (Keel, 1978:340).

‘n Ander antieke musiekinstrument wat onder hierdie kategorie ressorteer, is die *sistrum* (Fig. 2.12, bl. 45). Alhoewel byna onbekend in ons hedendaagse musiek was dit in die antieke Nabye Ooste ‘n alom bekende instrument wat goed geraas kon maak. ‘n Sistrum het die vorm gehad van ‘n tipiese slingervel en is tradisioneel gemaak van ‘n gebuigde stuk metaal in ‘n hoefystervorm met dwarsbaars waaraan ringetjies geplaas is wat kon raas wanneer die sistrum geskud is (Lockyer, 2004:62).

## 2.4 Argeologiese en ikonografiese voorstellings van musiek en musiekinstrumente

Dit is moeilik om uit die Hebreeuse name van die musiekinstrumente uit die antieke tyd af te lei hoe elke instrument gelyk het. Die beskrywings in antieke geskrifte het baie gehelp om die tipe musiekinstrument te identifiseer (Stander & Louw, 1990:306), maar dit was nie heeltemal voldoende nie. Dit is waarom nuwe navorsing wat van argeologiese en ikonografiese bewyse gebruik maak, so hoog aangeslaan word. Dit dra daartoe by dat ‘n beter prentjie gevorm kan word van presies hoe antieke musiekinstrumente gelyk het.

Verskeie voorstellings van musiekinstrumente op afbeeldings, munte en in sommige gevalle die ware Jakob wat in graftombes gevind is, het fenomenale resultate meegebring na die deeglike bestudering daarvan. Hieronder volg afbeeldings van argeologiese fondse en ikonografiese voorstellings van musiek en musiekinstrumente van die antieke Nabye Ooste soos deur Braun (2002) en King & Stager (2001) weergegee:

Fig. 2.1 (Regs)

Voorstellings op Paneas-munte:

- a) panfluit, b) panfluit met pedum,
- c) panfluitspeler en d) ‘n dwarsfluitspeler





**Figuur 2.2**  
 Meret – Godin van blydskap soos  
 uitgedruk in sang en dans



**Figuur 2.3**  
 Vrou wat haar nek slaan vir ritmiese  
 verdeling van lang vreugdesuitroep



**Fig. 2.5 (Onder)**  
 Spoelvormige  
 kleiratel uit Hasor



**Fig. 2.4 (Links)**  
 Ivoorkissie met `n gegraveerde voorstelling van `n  
 ensemble vroulike musikante wat, van links na regs,  
 die dubbelfluit, handdrom en `n reghoekige siter met  
 tien snare bespeel.

**Fig. 2.6**  
 Kultiese voorstelling van musikante uit  
 terra cotta



Fig. 2.7

Steen altaar met panfluit uit  
Dionisius-kultus (Bet-San)



Fig. 2.8

Ysterklokkie uit Sesarea



## 2.5 Musiek en musiekinstrumente binne bepaalde kulture van die antieke Nabye Ooste

Om die antieke Nabye Ooste in terme van moderne kategorieë presies te definieer, is geen maklike taak nie. Behalwe om dit aan die hand van historiese periodes te doen, kan die antieke Nabye Ooste in terme van taal en geografiese verdeling geklassifiseer word. Die oudste rekords aangaande musikale organisasie en sisteme van musiek onder die antieke nasies, kom van Sumerië en Egipte (Sendrey, 1969:35). Behalwe hierdie twee, was van die bekendste nasies wat in die antieke Nabye Ooste bestaan het die Mesopotamiërs, Babiloniërs, Assiriërs en Perse. Met die uitsondering van die Egiptenare word die mense van Mesopotamië volgens hierdie verskillende name genoem, geklassifiseer (Boshoff et al, 2000:24).

Vervolgens word nou gekyk na die musiekagtergrond van ander nasies waarmee Israel in kontak gekom het binne die antieke Nabye Ooste. Spesifieke verwysing na hul musikale agtergrond, die ontwikkeling daarvan en die invloed op ander volke rondom hulle – spesifiek Israel – sal gedoen word. Die Bybelse konteks sal

in die volgende hoofstuk bestudeer word vir `n beter verstaan van die musiek en musiekinstrumente van bogenoemde leefwêreld.

### 2.5.1 Egipte

Egipte, geleë aan die bopunt van Afrika en aangrensend aan die Middellandse see, was van die antieke tye af een van die vernaamste lande in die Mediterreënse wêreld. Reeds vroeg in die Bybel word in die boek Genesis van Egipte melding gemaak. Ons lees dat Gam se nageslag onder andere uit Egipte gekom het (Gen. 10:6) en kort daarna van Abram wat in Egipte `n heenkome gaan soek het (Gen. 12:10) nadat hongersnood in die land uitgebreek het. Ons ken die verhaal van Josef wat as slaaf verkoop is en in Egipte opeindig (Gen. 37:28) om tydens `n latere hongersnood in Palestina ook weer uitkoms te bied vir die Israeliete. Dit was hier in Egipte wat die Israeliete as slawe in die werk gesteek is (Eks. 1:14). Die Israeliete het ongeveer vanaf 1750-1280 v.C. in Egipte gewoon, wat by implikasie beteken dat die Egiptenare `n definitiewe impak op die Israeliete moes gehad het betreffende hulle godsdiens, kultuur en lewensuitkyk (Lion-Cachet, 1989:32).

Egipte was sonder twyfel dié land in die Mediterreënse wêreld met die grootste rykdom van musiek en musiekinstrumente. Egipte toon `n lang geskiedenis met grafiese en geskrewe oorblyfsels wat strek vanaf ongeveer 3000 v.C. tot in die Romeinse era. Wat meer belangrik is, is die feit dat baie van die musiekinstrumente wat in illustrasies uitgebeeld en in geskrewe dokumente genoem is, oorleef het om vandag `n waardevolle bron te wees in vergelykende studies van beide die musiekinstrumente van Mesopotamië en die Bybel. Dit sluit liere, harpe en luite in, sowel as `n koper en brons trompet uit die graftombe van Tutankhamen (1347-1338 v.C.), fluite en dubbel biesiepype en `n hele aantal perkussie-instrumente soos dromme, simbale, sistums, klokkies, ratels en klappers (Achtemeier, 1985:666). Die antieke Egiptenare het graag die sistrum, wat tradisioneel van `n ligte metaalraam met dwars balkies gemaak is, gebruik in hul aanbidding van Isis, die godin van moederskap en vrugbaarheid<sup>12</sup>.

---

<sup>12</sup>[www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org).

Die familie van harpe het `n prominente plek onder die musiekinstrumente van Egipte gehad. Hulle het verskeie variëteite van harpe ontwerp, byvoorbeeld die skouerharp, horisontale- en vertikale hoekige harpe om enkeles te noem. Hieronder is `n voorbeeld van die Egiptiese hoekige harp (Fig. 2.9) wat twintig snare gehad het asook die bekende Egiptiese boogvormige harp (Fig. 2.10) wat in die museum in Kaïro te siene is (Sendrey, 1969:39).






Fig. 2.9 (Links)  
Egiptiese hoekige harp



Figuur 2.10 (Regs)  
Egiptiese boogvormige harp

Oud-Babyloniese, Assiriese en Egiptiese afbeeldings beeld harpe van verskillende groottes uit. Die groot staanharp is dikwels in Egipte gebruik, terwyl die kleiner draagbare tipe harpe meer op Assiriese afbeeldings en in Israel voorgekom het (Pss. 33:2; 57:9; 81:3; 108:3).



Figuur 2.11  
Groot boogvormige  
Egiptiese staanharme.

Verskeie liere (*kinnor*) was algemeen in gebruik in Egipte. Verskillende vorme en ontwerpe was onder hierdie instrumentefamilie te onderskei. Die aantal snare van liere het gewissel tussen `n minimum van drie en `n maksimum van twaalf snare (Buttrick et al, 1962:474).

Die Egiptenare het ook oor `n groot verskeidenheid perkussie- en ratel-instrumente beskik. Volledige families van dromme word op Egiptiese monumente uitgebeeld, van die klein handdrom tot die groot vaatjievormige dromme. Ook klein en groot simbale, konkussie-stokke, ratels en verskillende vorme van sistrums (Sendrey, 1969:40).

Die antieke Egiptenare het wel geen musikale notasie geken nie, maar sang, danse en dramatiese opvoerings was kenmerkend van hulle kultuur. Antifonale sang deur koorgroepe van dansende mans en vrouens was `n uitstaande kenmerk van Egiptiese feesgeleenthede (Sendrey, 1969:40). Daar was `n komplekse en hoogs ritualistiese sisteem van aanbidding in antieke Egipte. As deel van hierdie sisteem het opgeleide dansers voorgekom wat gereeld tydens godsdienstige saamtrekke opgetree het. In kort gestel, dit blyk dat dans die hoof medium van religieuse uitdrukking in antieke Egipte was (Kraus, 1969:29).

Behalwe die Middelste Ryk se priestermusikante het `n sekulêre klas van musikante mettertyd tot stand gekom. Hierdie sekulêre klas het dit reggekry om die eksklusiewe arena van die bevoorregte tempelmusikante te betree. Die sekulêre musikante se hooffokus was veel eerder net eksterne musikale vertoon, wat sterk deur die tempelmusikante veroordeel is. Dit het `n groot verandering meegebring in die lewe en tradisies van die antieke Egiptenare deurdat kunsmatigheid `n hoër aansien geniet het as die intrinsieke kwaliteit van musikale kuns (Sendrey, 1969:40-41).

## 2.5.2 Kanaän

Kanäan was die beloofde land wat God vir die Israeliete gereed gehou het om ná hul woestyn-omswerwinge van enkele dekades lank te kon inneem. Geografies het Kanaän tussen die twee groot kultuursentra van die antieke mediterreense wêreld gelê, naamlik Egipte in die suide en Mesopotamië in die noorde. Kanaän het 'n deurgangsroete gebied vir laasgenoemde twee nasies om met mekaar te kon kommunikeer en handel te dryf. Soldate, ambassadeurs en handelskaravane het voortdurend vir 'n deurvloei deur Kanaän gesorg en brieue, verslae en geskenke is voortdurend van een heerser na die ander aangestuur.

Die Kanaäniete het hulle naam gekry omdat hulle gewoonlik die laagliggende gedeeltes van die land beset het. Die Ammoriëte was normaalweg woonagtig in die berggebiede met Megiddo, Bet-San en Jerigo as sy belangrikste stede (Lion-Cachet, 1989:42). Slegs sommige Kanaänitiese stede was ommuur, soos onder andere Jerigo waarvan die mure geval het onder die basuin van die Israeliete se ramshorings (Jos. 6).

Tussen die Kanaänitiese kultuur en die vroeë kultuur van die antieke Israeliete is daar sterk ooreenkoms (Smith, 1990:1). Hierdie ooreenkoms het ook uitgekrag na die terrein van godsdiens (Smith, 1990:2). Vir baie lank het navorsers die antieke Israeliete se godsdiens as monoteïsties beskou, teenoor die politeïstiese godsdiens van Kanaän en ander volke binne die antieke Nabye Ooste. Nuwe navorsing wys dat die antieke Israeliete se latere monoteïstiese godsdiens deur middel van 'n evolusionêre proses ontwikkel het vanuit die vroeëre Kanaänitiese politeïsme (Gnuse, 1997:176). Binne die politeïsme van die Kanaäniete was musiek ook prominent gewees.


Vroulike musikante en dansers was 'n "hoogs gewaardeerde kommoditeit" in die 18<sup>e</sup> en 19<sup>e</sup> Egiptiese dinastie en selfs sangers van die plaaslike Kanaänitiese aristokrasie was baie hoog in aanvraag (Braun, 2002:85). Die Ou Testament (Rig. 10:6,10) vertel van die Baäls en Astartes wat op die hoogtes in Kanaän aanbid is

en hoe die Israeliete geïndoktrineer is om hierdie afgode deur middel van rituele en musiek te vereer. In die verhaal van Elia en die profete van Baäl (1 Kon. 18) wat op Karmelberg teen mekaar te staan gekom het, lees ons hoe hierdie profete vir hul god om die altaar gedans het (1 Kon. 18:26). Waansinnige ekstase en sang wat met barbaarse danse en raserige musiek gepaard gegaan het, was uitstaande kenmerke van die seremonies van Baälpriesters in Kanaän. Hierdie Ou-Testamentiese teks reflektereer `n vlugtige prentjie van die uitspattige karakter van hierdie soort rituele musiek (Sendrey, 1969:59). Vanuit Egipte en die woestyn het die Israeliete egter saam met hulle die vreugde van sang gebring - `n rykdom van ou liedere.

Hieronder volg `n afbeelding van `n beensistrum (Fig. 2.12) wat in een van die pragtigste steengeboue in Bet-el in Kanaän gevind is. `n Gekerfde ivoorklapper (Fig. 2.13) wat in Shiqmona opgegrawe is, vorm saam met hierdie beensistrum deel van die instrumente wat in die Hathor-kultus (3<sup>e</sup> millennium v.C.) in gebruik was en albei hierdie musiekinstrumente is `n bewys van die Egipties-Kanaänitiese kultuurperiode wat teen ongeveer 1200 v.C. sy finale era betree het (Braun, 2002:88-89).


Figuur 2.12

Beensistrum van Bet-el in Kanaän



Figuur 2.13

Gekerfde ivoorklapper van Shiqmona  
uit die Hathor-kultus



Die Egipties-georiënteerde elite van Kanaän het van musiek gebruik gemaak vir hulle kultus-seremonies, simposiums en sosiale byeenkomste. Veral die trompet was vir laasgenoemde byeenkomste gebruik en klaarblyklik `n belangrike instrument in die openbaarmaking van die wil en mag van die heersersklas in Kanaän (Braun, 2002:92). Ook die tamboeryn was wyd in gebruik in beide Kanaän en Assirië en is meestal deur vroue bespeel wat as priesteresse of godinne gereken kan word. Teen `n latere tydperk is die tamboeryn verban uit die tempelruimtes, waarskynlik as deel van Kanaänitiese hervormings omdat dit nie meer die behoeftes na `n bepaalde luuksheid aangespreek het nie. Uit argeologiese fondse van die Laat-Bronstydperk en Vroeë-Ysterdydperk in Kanaän is dit duidelik dat ook die simbale wydgebruikte musiekinstrumente van die antieke tyd was (Keel, 1978:340).

Die moontlikheid bestaan dat die Kanaänitiese elite die enigstes was wat in sekere musikale kunste opgelei was. Die feit dat die Israeliete dit kon regkry om nie deur die vreemde kultuspraktyke van hierdie nuwe vaderland beïnvloed te word nie, ondersteep die laasgenoemde moontlikheid aangaande Kanaän (Braun, 2002:93).

### 2.5.3 Mesopotamië

Die oorspronklike Griekse woord *Mesopotamië* beteken “land tussen die riviere”. Mesopotamië was die land in die antieke Mediterreënse wêrld wat tussen die boloop van die Eufraat- en die Tigrisrivier geleë was en deur antieke volke soos die Sumeriërs (in die suide), die Akkadiërs (in die noorde) en die Arameërs, Ammoniete en Babiloniërs (almal verspreid) bewoon is. Die beskawingsgeskiedenis van Mesopotamië het begin met die Sumeriërs en die eerste dinastie van die stad Ur tussen 2 330 en 2 100 v.C. (Bottero, 2001:19). Dis `n land waarvan die Ou Testament verskeie kere melding maak (Gen. 24:10; Deut. 23:4; Rig. 3:8; 1 Kron. 19:6; Ps. 60:2) grotendeels omdat die meeste van sy inwoners vyande was van en voortdurend opgetrek het teen die Israeliete wat in Palestina woonagtig was.

Vir die doel van hierdie studie word hier slegs melding gemaak van die voorkoms van musiek en musiekinstrumente onder die Semitiese Babiloniërs en die Sumeriërs. Beide hierdie bevolkingsgroepe het 'n merk gelaat op die kulturele ontwikkeling van Mesopotamië. Verskeie konings het groot ryke tot stand gebring, byvoorbeeld dié van Akkad, Sumer, Babilon, Assirië en toe weer Babilon. Mesopotamië was uiteindelik deur die Perse opgebou. Tydens die Persiese periode word Babilon in 539 v.C. deur die Perse verower (Bottéro, 2001:20).

Die lier het ongetwyfeld sy oorsprong in die suide van Mesopotamië. Die harp was in beide Egipte en Mesopotamië bekend.

#### 2.5.3.1 Sumerië

Daar heers onsekerheid oor waar die Sumeriërs oorspronklik vandaan is, maar daar is verskeie redes wat voorstel dat hulle uit die ooste of noordooste afkomstig is (Ringgren, 1973:1). Ander navorsers reken dat hulle vanuit die Suidooste in Mesopotamië gearriveer het (Bottéro, 2001:19). Die Bybel maak nie een keer melding van die Sumeriërs nie. Tog het hulle kulturele bydraes in latere Mesopotamiese beskawings so 'n groot invloed op die Israelitiese kultuur gehad dat hulle die reg verdien om bestudeer te word (McKenzie, 1976:364).

'n Proses van interaksie en uitruiling het die eerste noemenswaardige Sumeriese beskawing begin vorm. Hulle het in klein stedelike state gewoon wat meestal onafhanklik van mekaar gefunksioneer het, bestaande uit die stedelike sakesentrum en die omliggende gemeenskappe wat van die middelste stedelike gedeelte afhanklik was. Die vernaamste Sumeriese state sluit in: Ur, Uruk, Larsa, Sippar en Eridu, elk met hul eie gode (Boshoff et al, 2000:25-26).

Sumeriërs het geglo dat die mens geskep is om die gode te dien. Dit was derhalwe van die uiterste belang dat hierdie diens stiptelik volgens die reëls van die kultus uitgevoer moes word. Soos in die meeste kulture was die sentrum van

die gemeenskap se kultiese aksies die tempel. Die tempels is altyd op 'n verhoogde vlak gebou met `n trap wat na die ingangspoort lei. In die Sumeriese wêreldbekouing was berge die gebruiklike plek vir die manifestasie van hemelse magte. Daar was niks misties aan Mesopotamiese religie nie. Hulle was beskou as "meesters en regeerdes" wat die baas was en definitief nie "vriende" nie. Mens het jouself aan hulle ondergeskik gestel, hulle gevrees, voor hulle gebuig en met vrees en bewing geleef: daar was geen sprake van "liefde" of selfs dat mens net effens van hulle gehou het nie (Bottéro, 2001:37).

Alhoewel daar min kennis bestaan oor die daaglikse roetine binne die Sumeriese tempel, is die name van `n aantal groter feeste wel bekend waarvan die Nuwejaarsfees die meeste prominensie geniet het. Hierdie fees is gekenmerk deur `n prosessie na die tempel onder geklank van algemene jubelklanke in die stad. Liedere was kenmerkend van hul feeste. Daar is verskeie voorbeelde van Sumeriese liedere wat `n opmerklike ooreenkoms toon met die poëtiese tekste van Hooglied in die Ou Testament (Ringgren, 1973:24-27).

Uit die verskillende soort style of musiekinstrumente wat gebruik is om optredes te begelei is dit duidelik dat die Sumeriërs self onderskei het tussen verskeie soorte himnes en psalms (Ringgren, 1973:32).

Mesopotamië se gewyde en hofmusiek was uitgevoer of gelei deur families van professionele musikante. Hierdie professionele musikante het in tempels formele onderrig ontvang en dit was waarskynlik die musikale skrifgeleerde wat die Mesopotamiese musiekteorie op kuneïiforme tablette neergeskryf het waarvan die detail gedurende die afgelope paar dekades eers meer volledig aan die lig gekom het. Op die vroegste Sumeriese kleitablette uit Uruk (3000 v.C.) kom die voorstelling van die bootvormige Sumeriese harp voor. Die eerste uitbeelding van hierdie bekende antieke musiekinstrument word egter op `n seëlaufdruk van Chogha Mish gevind wat uit die jaar 3200 v.C. dateer (Achtemeier et al, 1985:665). `n Voorbeeld van hierdie instrument, tesame met nege ornamentêre liere en `n stel

silwer pype is in `n koninklike graf in Ur - waar Abraham oorspronklik vandaan kom - gevind (2650 v.C.). Teen die einde van die derde millennium, het tekstuele bewyse - wat versamelings van gewyde himnes, himnes aan tempels asook himnes aan en vir die konings van die derde dinastie van Ur ingesluit het - dit duidelik gemaak dat daar `n goed ontwikkelde musikale tradisie onder die Sumeriërs van suid-Mesopotamië bestaan het (Achtemeier, 1985:665)

Figuurlike voorstellings op Assiriese reliëf, Mesopotamiese kunswerke en Joodse munte toon `n enigmatiese ooreenstemming met Kretaans-Minoaanse instrumente. In Mesopotamië en die oostelike kusstrook van die middellandse see dateer die lier terug tot prehistoriese tye. (Buttrick et al, 1962:474-475).



Figuur 2.14  
Sumeriese lierspeler bespeel `n 11 snarige-lier by `n koninklike banket

### 2.5.3.2 Babilonië en Assirië

Die Oud-Babyloniese era het begin met die periode van die Vroeë Dinastie (rondom 3 200 v.C.). Na afloop van die eerste leiers van Assirië wat na vore getree het, om en by 1894 v.C. (Bottéro, 2001:19), het die Dinasties van Isin, Larsa, Ešnun en Mari onder andere na vore getree.

Daar was nog altyd met goeie rede aanvaar dat die Babiloniërs hul beskawing van `n vroeëre nasie oorgeërf het, sonder enige kennis van wie dit was. Met die hulp van die moderne wetenskap het onlangse navorsing bevestig dat hierdie nasie die Sumeriërs was. Behalwe vir ander elemente van hulle kultuur, het die Babiloniërs ook die Sumeriërs se musikale rykdom oorgeneem. Dit sluit die musikale praktyke

sowel as die Sumeriërs se musiekinstrumente met hul name in (Sendrey, 1969:44).

Musiek in die Babiloniese kultus was deur veral drie rolspelers uitgevoer, naamlik die kalū (priester), die zammarū (sanger) en vir die klaagliedere, die lallarū (klaagsanger, Sendrey, 1969:44).

Die Amoriëte van die suide van Mesopotamië het hul eie dinastieë in die stadstate gestig wat voortdurend teen mekaar oorlog gemaak het, dikwels om meer water te kon besit. Die water uit die Tigrisrivier was vir besproeiing gebruik. Die konings van Isin het hulself gesien as die regmatige opvolgers van die dinastie van Ur en het daarom hulself as halfgode voorgedaan en hulle in lofliedere laat besing.

Die mees belangrikste Babiloniese en Assiriese uitbeeldings was van oorwinnende konings wat triomfantelik terugkeer van die oorlogsveld af. In uitgravings van die paleis van Sanherib, is goedbewaarde vlakrelief gevind wat musikante en sangers uitbeeld wat die glorie van die koning besing. In een van hierdie uitbeeldings, is koning Sanherib op 'n strydwa na 'n oorwinning, met die gevangenes agterna en musikante wat voor die strydwa loop en harp speel ter verering van die koning (Sendrey, 1969:44-45).

In die algemeen beskou, was die musiek van Babilonië en Assirië nie veel anders as dié van Egipte nie. Onder al hierdie nasies was die prominente musiekinstrumente basies dieselfde: horisontale en vertikaal-hoekige harpe, verskillende soorte liere, die dubbel-hobo, dromme, simbale en ander perkussie-instrumente. Vir liefdesliedere was 'n "tiensnarige" instrument soms gebruik en dan is fluite ook ingespan (Sendrey, 1969:45).

Geleenthede waar musiek oorvloedig gebruik is was tydens prosessies en opvoerings tydens nuwejaarsfeesgeleenthede. Vir die antieke Babiloniërs was Akītu die belangrikste fees. Dit was hul Nuwejaarsfees. Hierdie fees was gedurende die eerste elf dae van die maand Nisan gevier. Daar was ander Akītu-

feeste waarvan minder kennis gedra word. Danksy illustrasies en lyste van musiekinstrumente op Assiriese reliëf wat uit die eerste millennium dateer, is dit duidelik dat Babiloniërs musiek hoog aangeslaan het. `n Groot repertoire van himnes, klaagliedere en ander liturgiese litanies skep `n goeie idee van die gebruik van liedere in religieuse rituele (Achtemeier, 1985:665).

Uit Daniël 3 is dit duidelik dat musiek nou saam gehang het met aanbidding in die Babiloniese ryk. Koning Nebukadnesar gee die opdrag dat alle burgers in die land voor sy goue beeld moet buig. Die teks self is musikaal van aard: soos `n refrein word die litanie van musiekinstrumente vier keer herhaal (Lockyer, 2004:159):

*“Wanneer julle die geluid hoor van trompet, fluit, siter, lier, harp, ’n ander blaas- of musiekinstrument, moet julle buig voor die goue beeld wat koning Nebukadnesar laat oprig het, en dit aanbid.” (Dan. 3:5,7,10 & 15)*

Net soos in Sumerië is die jong priesters in Babilonië in spesiale skole onderrig. Hierdie skole was normaalweg reg langs `n groot tempel met sy eie biblioteek wat die nodige kennis gebied het vir toekomstige priesters en musikante (Sendrey, 1969:46).

Die himnes en smeekgebede van die Assiriërs was, net soos deur die antieke Israeliete, in antifonale vorm uitgevoer. Sulke responsiewe sang deur die priester (voorganger) en die gemeente (respondeerders) of deur twee korale groepe op antifonale wyse, was deur beide die Babiloniërs en die Assiriërs uitgevoer lank voor dit binne die Israelitiese geskiedenis opgeneem is (Sendrey, 1969:46).

As in ag geneem word dat die karakter van Assiriese musiek tot `n mate verwant was aan die musiek van die antieke Israeliete, kan ons met redelike sekerheid aanvaar dat wat hul eie musiekkultuur aanbetrif die Israeliete nie slegs van die Egiptenare geleen het nie, maar ook sekere elemente van die Assiriërs wat bygedra het tot die toekomstige florering van hul eie musiek (Sendrey, 1969:46).

## 2.6 Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die volke wat in die antieke Nabye Ooste gewoon het, elkeen `n unieke bydrae gelewer het tot die musikale rykdom wat in hierdie wêrelddeel te vinde was. Van sang en dans tot orkesmusiek en musikale instruksie het elkeen sy merk gelaat wat eventueel ook weer op die antieke Israeliete `n groot impak gehad het soos wat in hoofstuk 3 duideliker sal word.

Afgesien van al die ander vorme van musiek, het musiekinstrumente van die vroegste tye af in die antieke Nabye Ooste algemeen voorgekom. Die lier en harp, as deel van die snaarinstrumente, en die ramshoring as lid van die groep windinstrumente was almal baie populêr. Soms was daar verwarring oor watter instrument watter een was wanneer dit by die terminologie gekom het. Van meer belang was die klank wat elke musiekinstrument voortgebring het wat tot `n groot mate bepaal is deur die materiaal wat gebruik is in die vervaardiging van elke instrument en soms ook die bou, soos in die geval van die fluit wat soms uit `n enkel- en ander kere uit `n dubbelpyp bestaan het. Ook die perkussie-instrumente, soos dromme en simbale en alle soorte skud- en ratelinstrumente, was algemeen bekend en baie populêr binne die antieke Nabye Ooste.

Alhoewel elke musiekinstrument `n ander funksie vervul het en ander Klanke voortgebring het, sou ons onmoontlik `n goeie beeld daarvan kon hê as dit nie was vir argeologiese opgravings en ikonografiese voorstellings wat hierdie antieke mediterreense leefwêreld vir ons kom oopbreek het nie. Iets wat krities belangrik is om ook die musiekinstrumente waarvan die Bybel – spesifiek die Ou Testament – melding maak, beter te kan visualiseer.

Vervolgens sal hoofstuk 3 die sirkel kleiner trek binne die antieke Nabye Ooste wanneer ons die Ou-Testamentiese leefwêreld se musikale tradisie van naderby beskou, met `n verdere fokus op die Psalmbundel.

## HOOFSTUK 3

### MUSIEK EN MUSIEKINSTRUMENTE

### IN DIE OU TESTAMENT

#### **3.1 Inleiding**

Die Ou-Testamentiese leefwêreld is vol van verwysings na musiek en musiekinstrumente. Behalwe die teks van die Ou Testament self het daar talte navorsingstudies en boeke oor hierdie onderwerp verskyn. Die Bybel bly die belangrikste navorsingsbron rakende die musiekgeskiedenis van antieke Israel en was daarom ook as die primêre bron in verskeie studies gebruik. `n Mens lees reeds in Genesis van Jubal as “die stamvader van dié wat op die lier en fluit speel” (Gen. 4:21, NAV) en in Eksodus 15 van die lied van Moses en hoe Miriam die vroue met die tamboeryn en sang begelei. In die tyd van die rigters is daar gesing (Rig. 5:3, 11 & 12). In Samuel se tyd is daar gesing en op snaarinstrumente gespeel (1 Sam. 18:6). Vir die eerste maal lees ons van koordanse (1 Sam. 21:1, 1 Sam. 29:5). Van 2 Samuel tot Nehemia word verskeie kere van sangers melding gemaak<sup>13</sup> en die Psalms is vol van lof-, klaag- en dankliedere<sup>14</sup>. Daar bestaan `n sterk moontlikheid dat die skrywer van die boeke Kronieke, Esra en Nehemia self `n tempelsanger was (Van Dyk, 1991:376). Laasgenoemde kan afgelei word uit die beklemtoning van die tempelsangers en hul spesiale posisie wat in hierdie boeke vermeld word (Esra 3:10-13, 8:15-20). In verskeie ander boeke van die Ou Testament word na musiek en musiekinstrumente verwys (bv. Jes. 23-24, Eseg. 33, Dan. 3, Am. 6 en Sef. 2, 10).

Uit bogenoemde is dit duidelik dat musiek en musiekinstrumente in die leefwêreld van die Ou Testament geen vreemde saak was nie. Verdere bestudering van die Ou Testament in hierdie hoofstuk - met spesifieke verwysing na die Psalms - sal dit nog duideliker maak dat beide musiek en musiekinstrumente `n prominente rol

---

<sup>13</sup> 2 Sam. 19:35; 1 Kron. 15:16, 19, 27; 2 Kron. 5:12-13; 20:21-22; 23:13; 35:15, 25; Eseg. 2:41, 65, 70; 10:24; Neh. 7:1, 44, 67, 73; 10:28, 39; 11:22-23; 12:28-29, 45-47; 13:5, 10.

<sup>14</sup> Sien teksverwysings in voetnotas op bl. 67.

gespeel het in die lewens van die antieke Israeliete, veral in hul oorlogvoering en godsdiens.

### 3.2 Ontwikkeling van musiek

Alhoewel die verbod op afbeeldings (Deut. 20:4) Israel verhinder het om so 'n sterk tradisie van visuele kunste soos byvoorbeeld die Griekse te ontwikkel, het musiek 'n sentrale plek in hul lewens ingeneem. Elke faset van hul lewe en elke fase van hul geskiedenis was deur musiek gekenmerk (Ryken et al, 1998:576). Beide mans en vrouens het van die vroegste tye af musiek gemaak. Vrouens het dikwels vir koning Dawid gesing, gedans en gespeel na verskeie oorwinnings oor ander volke (vgl. 1 Sam. 18). Ons lees van Jefta se dogter wat hom met tamboeryne en koordanse begroet wanneer hy van sy oorwinning teen die Ammoniete terugkeer (Rig. 11:34). Die Ou Testament maak dit duidelik dat die antieke Israeliete nie slegs op een vorm van musiek gefokus het nie, maar in verskeie opsigte musikaal ontwikkel het.

Navorsers verskil egter van mekaar oor die ontwikkeling van musiek in antieke Israel. Met Abraham se trek het hy nie net 'n stad agtergelaat nie, maar ook die ryk ontwikkelde musicale lewe van Ur. Dis onbekend of hy enige hiervan met hom saamgeneem het, maar wanneer Jakob (later Israel, vgl. Gen. 32:28) - Abraham se kleinseun – terugkeer om van hul ou volksgenote langs die bo-Eufraat te ontmoet, het hy goed gevestigde musicale gebruikte by hul aangetref (Sendrey & Norton, 1964:3-4). Laasgenoemde word duidelik uit Jakob se skoonpa, Laban, se opmerking in Genesis 31:

*“Waarom het jy in die geheim gevlug?...Ek sal jou laat vertrek het met 'n fees en met liedere, met tamboeryne en met liere.” (Gen. 31:27)*

Ten spyte van verwysings na musiek en musiekinstrumente in Genesis, het die Hebreërs Egipte binnegetrek met 'n onverfynde gawe vir musiek (Sendrey & Norton, 1964:4). Daar word selfs na die musicale klanke van die Israeliete in

hierdie vroeë stadium verwys as “skamelik meer as geraas” (Tenney, 1975:312). Maar in Egipte was die Israeliete vir ongeveer vier honderd jaar blootgestel aan `n hoogs georganiseerde kultuur wat die vlak en intensiteit van hul eie musiek radikaal moes verhoog het. Na hul bevryding van Egiptiese slawerny vind ons dat Moses en Miriam die Israeliete anderkant die Rooi See lei met `n tamboeryn en lofgesange (Eks. 15): `n indikasie van musiekvaardigheid wat slegs deur jare se kulturele ontwikkeling moontlik gemaak kon word (Pfeiffer et al, 1975:1164). Aanvanklik was musiek baie maal inderdaad niks meer as `n geraas nie, veral wanneer die doel was om die vyand te terroriseer. Elders in die Ou Testament lees ons van die liedere wat werkers in die oestyd gesing het (vgl. Jes. 16:10; Jer. 48:33) of wanneer `n put gegrawe moes word (Num. 21:17-18). Hierdie verwysings spreek alleenlik van populêre, nie-artistiese sang en musiek met geen indikasie van professionele musikante nie (Buttrick et al, 1962:457).

Tydens die regeringstye van konings Dawid en Salomo het verskeie musikante na vore getree. Hulle het `n era ingelei wat `n merkbare verandering in die geskiedenis van die antieke Israeliete se musiek teweeggebring het as gevolg van die formele musiekonderrig wat hulle ontvang het (Tenney, 1975:314). Die vlak waarop musiek in hierdie era gemaak is, was indrukwekkend en is op `n hoogs professionele vlak beoefen (Pfeiffer et al, 1975:1160). Verskeie tekste in die Ou Testament<sup>15</sup> skets `n prentjie van verskillende soorte musiekinstrumente (snaar-, wind- en perkussie-instrumente) wat ingespan is, asook die hoeveelheid musikante betrokke. Hierdie “nuwe” era van musiek wat op `n meer professionele vlak bedryf is, is gekenmerk deur manlike musikante, terwyl vrouens voortgegaan het om in nie-professionele hoedanigheid musiek te maak (Ryken et al, 1998:577).

Musikante was volop in Israel/Palestina aangetref. Dit was omdat die Hebreërs musiek bo alle ander kunsvorme beklemtoon het. Behalwe poësie is dit die enigste ander vorm van kuns wat hulle tot `n hoë kunsvorm ontwikkel het.

---

<sup>15</sup> 1 Kron. 15:19-21; 16:4-6, 39-42; 23:5-8; 2 Kron. 5:12-13; Eseg. 3:10-11; Ps. 68:24-27; 149; 150.

Regdeur hul geskiedenis – veral in hul aanbidding – was dit duidelik dat musiek vir Israeliete van wesenlike belang was (Pfeiffer et al, 1975:1160).

‘n Mens moet in gedagte hou dat daar meer as een tempelperiode in die geskiedenis van antieke Israel was. Na die eerste tempelperiode word hulle in 586 v.C. na Babilonië weggevoer. Tydens hierdie ballingskap is hulle uiteraard van die tempel verwyn en heers daar hartseer en ‘n gevoel van terneergedruktheid omdat hulle nie die bogenoemde tradisie van aanbidding kan voortsit nie. In ‘n vreemde land sonder hul heilige tempel waar hulle normaalweg aanbid het, is hulle musiekinstrumente aan bome opgehang en was daar geen lofsange te hoor nie (Ps. 137:2-5). Dit was vir hulle ondenkbaar om ‘n loflied met begeleiding van musiekinstrumente aan die Babiloniërs voor te hou en daarom hang hulle eerder hul instrumente aan die wilgerbome op. Indien dit treurwilgers was, word die droewigheid hiermee nog sterker na vore gebring. Onder sulke omstandighede kan niemand tog vreugdeliedere sing soos die Babiloniërs van hulle verwag het nie (Burden, 1991:121). Alhoewel hierdie era nie gekenmerk was deur dieselfde musikale atmosfeer as vroeër nie, bestaan daar geen twyfel dat musiek en musiekinstrumente vir die antieke Hebreërs in beide tempelperiodes prominent was. Die tradisie van musiek en sang het die hart van aanbidding gevorm tydens die eerste tempelperiode. Hierdie tradisie is gedurende die tweede tempelperiode voortgesit (Ryken et al, 1998:577), dwarsdeur tot in die vroeë eeue soos uit verskeie Nuwe-Testamentiese tekste blyk.

Uit bogenoemde is dit duidelik dat daar ‘n sterk ontwikkeling van musiek binne die Ou-Testamentiese leefwêreld plaasgevind het. Deur in diepte op hul musiekinstrumente te fokus, veral die ramshoring, harp en lier waarna meer spesifiek in hierdie hoofstuk verwys sal word en die plek en rol daarvan in hul oorlogvoering en godsdienst, sal ons ‘n voller prentjie kan kry van die aard en prominensie van musiek in die Ou Testamentiese leefwêreld.

### 3.3 Musiekinstrumente in die Ou Testament

Na die uittog uit Egipte het die Israeliete die geleentheid gehad om onafhanklik aan die ontwikkeling van hul eie musiekkultuur en –geskiedenis aandag te gee. In hierdie tyd is die tabernakel in die woestyn opgerig en Israel se musikale talent het stadig maar seker `n eie, onafhanklike identiteit begin kry. Dit was ná die oprigting van die tabernakel wat God die ryke musiekkultuur van Sy volk wat sou volg, ingelei het in Sy opdrag aan Moses om twee silwer trompette te maak (Num. 10:2-4). Hierdie trompette het as seininstrumente gedien om die volk en die leiers bymekaar te roep by die Tent van Ontmoeting.

Na die periode van die tabernakel het die tempelperiode gevvolg waar die Israeliete hul musiekkultuur as deel van hul godsdiens verder kon ontwikkel. Met die aanwysing van musikale persone wat voortdurend voor die Ark van die Here moes diens doen, het Dawid `n langverwagte droom sien realiseer. Dit het `n essensiële element van hul gewyde aanbidding begin vorm (Sendrey & Norton, 1964:38).

Dit was nie die eerste maal wat musiek op hierdie manier gebruik is nie, aangesien verskeie ander nasies in die mediterreënse wêreld reeds van musiek in hul religieuse praktyke gebruik gemaak het (vgl. hoofstuk 2). Die antieke Israeliete het – soos met alle ander oorgeërfde gebruiken – hierdie musikale vorm van aanbidding volgens hul eie etnisiteit en filosofiese denke vertaal. Laasgenoemde word inderdaad raakgesien in die manier waarop die Israeliete hul musiek met die bring van hul tempeloffers geassosieer het: die musiek self het `n vorm van offer geword wat God met liedere en instrumente moes verhoog. Die verheffing van liturgiese musiek na hierdie selfde vlak as alle ander rituele ceremonies was `n belangrike ontwikkeling in die geskiedenis van Israel (Sendrey & Norton, 1964:38-39).

Om die ontwikkeling van musiek onder die antieke Israeliete beter te verstaan, is dit noodsaaklik om te kyk watter tipe musiekinstrumente algemeen in die tempel in gebruik was. Deur die musiekinstrumente wat voor die tempelperiode in gebruik was in ag te neem, kan die Israeliete se musikale ontwikkeling verder duidelik

maak. Die onderstaande tabel dui ikonografiese voorstellings van antieke musiekinstrumente aan. Tekste waar hierdie verskillende musiekinstrumente in die Ou Testament voorkom, word ook vermeld. Die tabel begin met die ramshoring, wat die meeste vermeld word, en sluit af met die fluit, wat die minste in die Ou Testament voorkom:

Tipe musiekinstrument	Plek in die Ou Testament
Ramshoring	<p>Eksodus 19:16, 19; 20:18;  Levitikus 25:9; Josua 6:4, 5, 6, 8, 9,  13, 16, 20, 22; Rigters 3:27; 6:34;  7:8, 16, 18-20, 22; 1 Samuel 13:3;  2 Samuel 2:28; 6:15; 15:10;  18:16; 20:1, 22; 1 Konings 1:34,  39, 41; 2 Konings 9:13; 1 Kronieke  15:28; 2 Kronieke 15:14; Nehemia  4:12, 14; Job 39:24, 25; Jesaja  18:3; 27:13; 58:1; Jeremia 4:5,  19, 21; 6:1, 17; 42:14; 51:27;  Esegiël 33:3-6; Hosea 5:8; 8:1;  Joël 2:1, 15; Amos 2:2; 3:6;  Sefanja 1:16; Sagaria 9:14.</p>
Lier	<p>Genesis 4:21; 31:27; 1 Samuel  10:5; 16:16, 23; 2 Samuel 6:5; 1  Konings 10:12; 1 Kronieke 13:8;  15:16, 21, 28; 16:5; 25:1, 3, 6; 2  Kronieke 5:12, 9, 11; 20:28; 29:25;  Nehemia 12:27; Job 21:12; 30:31;  Jesaja 5:12; 16:11; 23:16; 24:8;  30:32; Esegiël 26:13.</p>
Harp	<p>1 Samuel 10:5; 2 Samuel 6:5; 1  Konings 10:12; 1 Kronieke 13:8;  15:16, 20, 28; 16:5; 25:1, 6; 2</p>

	Kronieke 5:12; 9:11; 20:28; 29:25; Nehemia 12:27; Jesaja 5:12; 14:11; Amos 5:23; 6:5.
Trompet	<p>Numeri 10:2, 8-10; 31:6; 2</p> <p>Konings 11:14; 12:14; Hosea 5:8;</p> <p>Esra 3:10; Nehemia 12:35, 41; 1</p> <p>Kronieke 13:8; 15:24, 28; 16:6, 42;</p> <p>2 Kronieke 5:12, 13; 13:12, 14;</p> <p>15:14; 20:18; 23:13; 29:26-28.</p>
Tamboeryn	<p>Genesis 31:27; Eksodus 15:20;</p> <p>Rigters 11:34; 1 Samuel 10:5;</p> <p>18:6; 2 Samuel 6:5; 1 Kronieke</p> <p>13:8; Job 21:12; Jesaja 5:12;</p> <p>24:8; 30:32; Jeremias 31:4.</p>
Simbale	<p>2 Samuel 6:5; 1 Kronieke 13:8; 15:16,</p> <p>19, 28; 16:5, 42; 25:1, 6; 2 Kronieke</p> <p>5:12, 13; 29:25; Esra 3:10; Nehemia</p> <p>12:27.</p>
Fluit	Genesis 4:21; Job 21:12; 30:31.

**Tabel 3.1**  
**Teksverwysings van musiekinstrumente**  
**soos in die Ou Testament vermeld<sup>16</sup>**


---

<sup>16</sup> Die uitbeeldings van musiekinstrumente in hierdie tabel is slegs voorstellings daarvan en nie noodwendig replikas van hoe dit presies gelyk het nie.

Daar is drie kategorieë van musiekinstrumente wat algemeen bekend was in die antieke Nabye Ooste en wat ook in Palestina voorgekom het, naamlik snaar-, wind- en perkussie-instrumente. Daar bestaan min outentieke illustrasies van musiekinstrumente uit antieke Israel wat ons kan help om die vorm en musikale kwaliteite van hierdie instrumente te kan verstaan (Sendrey, 1969:262). Die ikonografiese voorstellings van musiekinstrumente uit Egipte, Babilonië, Assirië en gedeeltelik die Griekse en Romeinse wêrelde met wie die antieke Israeliete almal in kontak was, bied die beste basis om redelike gevolgtrekkings te maak aangaande hul musiekinstrumente waarna in die Ou Testament verwys word (Sendrey, 1969:263). Vervolgens word in die res van hierdie hoofstuk gefokus op die voorkoms van musiekinstrumente in die verskillende boeke van die Ou Testament, en meer spesifiek die Psalmbundel.


Alhoewel dit goed is om te weet in watter tekste van die Ou Testament ons van 'n bepaalde musiekinstrument kan lees, sal dit van veel groter waarde wees, met betrekking tot hierdie en ook verdere studies binne die veld van antieke musiek en musiekinstrumente, indien ons kan vasstel watter Ou-Testamentiese boeke prominensie verleen aan musiekinstrumente in die algemeen. Verder is dit belangrik om te weet watter boeke meer spesifiek melding maak van die drie musiekinstrumente wat skynbaar die meeste in die Ou Testament voorgekom het en waarna vroeër in hierdie hoofstuk verwys is. Die vernaamste drie musiekinstrumente waarop hierdie studie fokus, naamlik die ramshoring, harp en lier word eerste hanteer. Daarna volg uiteenstellings van die res van die musiekinstrumente se voorkoms. Hieronder volg eers die grafiese voorstellings in dié verband (bl. 61-64) en daarna 'n opsomming van elke tabel.

## Voorkoms van die ramshoring in die OT




Grafiek 3.1 (Bo) & Grafiek 3.2 (Onder)

## Voorkoms van die lier in die OT





### Voorkoms van die harp in die OT




Grafiek 3.3 (Bo) & Grafiek 3.4 (Onder)


### Voorkoms van die tamboeryn in die OT





Grafiek 3.5 (Bo) & Grafiek 3.6 (Onder)





**Grafiek 3.7**

### 3.3.1 Ramshoring

Uit Grafiek 3.1 (bl. 61) is dit duidelik dat die ramshoring verskeie kere in `n hele aantal boeke van die Ou Testament vermeld word. Die meeste verwysings na hierdie musiekinstrument is in die boek Jeremia (7 keer), daarna in 2 Samuel (6 keer) en dan vyf verwysings elk in die boeke Josua, Rigters en Esegiël. Eksodus verwys vier keer na die ramshoring, 1 Konings, Psalms en Jesaja elk drie keer en twee verwysings elk in die boeke van Joël & Amos. In die oorblywende tien boeke van die Ou Testament waarvan die ramshoring melding gemaak word, vind ons telkemale slegs een verwysing.<sup>17</sup>

In meer as die helfte van die verwysings na die ramshoring in die Ou Testament, staan dit in verband met oorlogvoering. Die ramshoring word grotendeels as seininstrument ingespan en ver in die minderheid as `n musiekinstrument. Telkemale word hierdie instrument gebruik om mense op te roep vir oorlog of `n bepaalde geleentheid van belang. In Jeremia 4:5, 19 & 21 en Esegiël 33:3-6 vind ons twee voorbeeld van die gebruik van die ramshoring tydens oorlogvoering.

Die meeste verwysings na die ramshoring in die Ou Testament is in die voorballingskapstyd (Jeremia) wanneer Babilonië die nasies van die antieke Nabye Ooste “vertrap”. Uiteindelik word Jerusalem beleër en verwoes voor sy inwoners in ballingskap weggevoer word. Al die verwysings na die ramshoring in die boek Jeremia staan dus in verband met oorlogvoering in `n tyd van geweldige onrus.

Ook die verwysings na die ramshoring in die boeke Esegiël, Josua en Rigters hou verband met oorlogvoering waar die ramshoring as waarskuwingsinstrument ingespan word. In 1 en 2 Kronieke en 2 Samuel 6:15 word die ramshoring saam met `n aantal ander musiekinstrumente ingespan tydens feesvieringe rondom die Ark van die Here. In die tekste van 1 en 2 Konings en 1 Samuel is die ramshoring ingespan rondom die salwing van `n nuwe koning en in die

---

<sup>17</sup> 1 Samuel; 2 Konings; 1 & 2 Kronieke; Nehemia; Hosea; Sefanja & Sagaria

Psalmbundel as deel van godsdiensstige feesvieringe of lofprysing (Ps. 81:4, 98:6 & 150:3).

### 3.3.2 Lier

Grafiek 3.2 (bl. 61) gee vir ons `n uiteensetting van die aantal verwysings na die lier in die boeke van die Ou Testament. In die Psalmbundel alleen is daar veertien verwysings na die lier. Verder word daar in die boeke 1 Samuel en Daniël elk vier keer van die lier melding gemaak, in Jesaja drie keer en in Job twee keer. Genesis, 1 Kronieke en Esegiël verwys elkeen slegs een keer na die lier.

Uit bogenoemde kan `n mens aflei dat die lier by verre die meeste in die Psalmbundel vermeld word. Meer hieroor onder die afdeling rakende die Psalmbundel (Punt 3.4). Die lier was grotendeels deur die antieke Griek gebruik as begeleidingsinstrument vir sang en resitasies. Uit Job 21:12 is dit duidelik dat begeleiding `n funksie van die lier was onder die Israeliete. 1 Kronieke 25:3 bevestig laasgenoemde waar verwys word na die lier as begeleidingsinstrument wanneer profete opgetree het. 1 Samuel getuig dat die lier gebruik is as `n terapeutiese instrument. Dawid moes telkens vir koning Saul op die lier speel om hom te laat bedaar (1 Sam. 16:16, 23). Verder is die lier oor die algemeen gebruik as deel van lofprysing en aanbidding soos uit verskeie teksgedeeltes in die Ou Testament blyk (Pss. 43:4; 71:22; 98:5; 150:3; Dan. 3:5, 7, 10, 15).

### 3.3.3 Harp

Verwys na grafiek 3.3 (bl. 62) rakende die verspreiding van die harp in die Ou Testament. Die harp blyk die musiekinstrument te wees wat in die minste aantal boeke van die Ou Testament vermeld word. Daar is egter, net soos in die geval van die lier, die meeste verwysings na die harp in die Psalmbundel, naamlik sewe keer. Verder is daar vier verwysings na die harp in die boek Daniël en slegs een verwysing in die boek Amos. In Amos 6:5 se verwysing na die harp

word die spot gedryf met diegene wat onreg doen deur in hul dronkenskap te probeer musiek maak en hulle verbeel dat hulle net sulke groot musiekmakers soos Dawid is.

### 3.3.4 Trompet

Die Ou-Testamentiese boeke wat melding maak van die trompet, word grafies uiteengesit in grafiek 3.5 (bl. 63). 2 Kronieke verwys die meeste na die trompet (13 keer). Verder maak Numeri (6 keer), 1 Kronieke (5 keer) en Daniël (4 keer) die meeste van die trompet melding. 2 Konings verwys drie maal na die trompet, teenoor die twee verwysings elk in die boeke van Nehemia, Job en Psalms. Esra en Hosea verwys slegs een maal elk na die trompet.

Die trompet is net soos die ramshoring baie maal as `n seininstrument ingespan om die volk op te roep tot aanbidding of tydens oorlog. Numeri 31:6 verwys spesifiek na die trompet as `n seininstrument. In Psalm 98:6 word die trompet en die ramshoring in dieselfde asem genoem wat `n indikasie is dat hulle soms vir dieselfde doel gebruik was: om mense op te roep tot akie. Maar die trompet was dikwels pertinent as musiekinstrument gebruik soos uit verskeie Ou-Testamentiese tekste blyk<sup>18</sup>. In die meerderheid van gevalle was hierdie musiekinstrument los van die ander musiekinstrumente vermeld. Dit wek die indruk dat dit minder as `n musiek- en meer as `n seinstrument gesien en gebruik is.

### 3.3.5 Tamboeryn

Wat die tamboeryn aanbetrif, is dit weereens die Psalmbundel wat die meeste verwysings bied, naamlik vier keer. Eksodus, 1 Samuel en Jesaja maak elkeen twee maal van die tamboeryn melding, terwyl daar in die res van die boeke van die Ou Testament, waar sprake is van hierdie instrument, slegs een verwysing voorkom. Sien grafiek 3.4 (bl. 62) in dié verband.

---

<sup>18</sup> 1 Kron. 13:8, 1 Kron. 15:28, 1 Kron. 16:42, 2 Kron. 5:13.

Die tamboeryn was sonder twyfel `n baie populêre musiekinstrument. In drie van die Ou-Testamentiese verwysings na hierdie musiekinstrument word dit deur vrouens bespeel (Eks. 15:20, 1 Sam. 18:6 & Ps. 68:28). Die tamboeryn word by meer as een geleentheid met koordanse geassosieer (Rig. 11:34, Pss. 149:3 & 150:4). Verder is die tamboeryn dikwels saam met die lier en die harp gebruik, alhoewel van die ander musiekinstrumente ook ingespan is.

### 3.3.6 Fluit

Die fluit word verreweg die meeste deur Jeremia genoem (8 keer) en daarna deur Daniël (4 keer) en Jesaja (3 keer). 1 Konings en Job maak albei twee maal melding van die fluit en die ander boeke waar die fluit wel genoem word, bied slegs een verwysing elk. Grafiek 3.6 (bl. 63) sit bogenoemde grafies uiteen.

In 13 van die verwysings van die Ou Testament word daar nie na die fluit as musiekinstrument verwys nie, maar na fluit met die mond. Om te fluit was `n algemene verskynsel en in baie van die teksverwysings<sup>19</sup> word na fluite van verbasing verwys oor stede wat verwoes of verban is (of verban sou word) deur sy inwoners. `n Voorbeeld hiervan is Jeremia se profetiese uitspraak oor Jerusalem in Jeremia 19:6-9. Vergelyk ook in hierdie verband die profetiese uitspraak van Sefanja oor die hawestad Nineve (Sef. 2:13-15).

Die verwysing na die fluit as musiekinstrument word reeds in Genesis 4 aangetref waar dit saam met die lier vermeld word (Gen. 4:21). Uit Rigers 5:16 blyk dit dat die fluit `n populêre musiekinstrument onder veewagters was. Die klank wat `n fluit onder andere kon voortbring, het gemaak dat dit soms met klaagmusiek geassosieer is (Jer. 48:36). Waar die fluit as musiekinstrument wel genoem is, was dit saam met die meeste ander musiekinstrumente wat in die Ou Testament vermeld word (Ps. 150:4; Jes. 5:12; Dan. 3:5, 7, 10 & 15).

---

<sup>19</sup> 1 Kon. 9:8; 2 Kron. 29:8; Jes. 7:18; Jer. 18:1, 19:8, 49:1, 50:13, 51:37; Eseg. 27:36 & Sef. 2:15; Sag. 10:8.

### 3.3.7 Simbale

Sien grafiek 3.7 (bl. 64) vir die boeke van die Ou testament waarin die simbale vermeld word. 1 Kronieke maak die meeste van simbale melding (6 keer). 2 Kronieke verwys 3 keer en Psalms 2 keer na die simbale. 2 Samuel, Esra, Nehemia en Jesaja maak elkeen slegs een keer melding van die simbale.

Simbale word telkemale saam met `n verskeidenheid van ander musiekinstrumente genoem. Slegs in Psalm 150:4 blyk dit dat daar twee teksverwysings na verskillende simbale is. Indien dit nie so is nie, beteken dit dat die simbale op twee verskillende maniere bespeel kon word om verskillende klanke daaruit voort te bring.

Uit bogenoemde grafieke is dit duidelik dat die ramshoring die musiekinstrument is wat die meeste in die Ou Testament na vore kom, naamlik in 53 teksverse. Daar word in 39 teksverse na die trompet verwys. Die lier staan derde in die ry van mees prominente musiekinstrumente in die Ou Testament (30 keer) en daarna volg die fluit (28 keer), die tamboeryn (16 keer), die simbale (15 keer) en laastens die harp (12 keer). Die drie musiekinstrumente wat dus die meeste in die Ou Testament voorkom is die ramhoring, die trompet en die lier. Van hierdie drie musiekinstrumente is beide die eersgenoemde veel meer as seininstrumente gebruik en nie soseer as musiekinstrumente nie.

In 19 van die 39 Ou-Testamentiese boeke word daar na die ramshoring verwys. Dit is duidelik dat hierdie musiekinstrument baie gebruik is. Dit is verder uit bogenoemde duidelik dat die ramshoring oor `n lang tydperk deur die Israeliete gebruik is: vanaf die tydperk van Israel se oorsprong dwarsdeur die tydperk van die Rigters tot in die dae van die groot en selfs die klein profete. Alhoewel daar in baie Ou-Testamentiese boeke slegs een verwysing na die ramshoring is, lewer dit genoeg bewys dat hierdie instrument bekend was aan die mense en terselfdertyd in gebruik was deur die Israeliete. Hierdie musiekinstrument word

vandag steeds baie hoog deur die Jode aangeslaan soos gesien kan word uit die aantal webwerwe wat ramshorings te koop aanbied<sup>20</sup>.

Daar is in minder as die helfte van die Ou-Testamentiese boeke wat na die ramshoring verwys, verwysings na die lier (slegs in 8 boeke)<sup>21</sup>. Die verspreiding van die verwysings bring ons egter by dieselfde gevolgtrekking uit as met die ramshoring: die lier was `n bekende musiekinstrument wat algemeen deur die Israeliete gebruik is. Onder die kleiner profete is daar geen verwysing na hierdie prominente musiekinstrument van die Ou Testament nie – slegs Jesaja, Esegiël en Daniël maak van die lier melding. Waar daar slegs een teksverwysing van die lier in Esegiël is (Eseg. 33:32), is daar drie verwysings in Jesaja (Jes. 16:11, 23:16 & 24:8) en vier verwysings in Daniël (Dan. 3:5, 7, 10 & 15).

Die trompet neem die derde plek in onder die mees prominente musiekinstrumente van die Ou Testament. Numeri stel dit duidelik dat God aan Moses die opdrag gegee het om twee silwer trompette te maak om die volk en sy leiers in kennis te stel wie moet aanmeld vir `n byeenkoms of vergadering (Num. 10:2-4), maar die gebruik van die trompet was egter nie hertoed beperk nie. Uit 2 Kronieke is dit duidelik dat trompette meestal deur priesters bespeel is en tydens oorlogvoering en godsdienstige byeenkomste gebruik is.

As ons egter ons fokus kleiner maak en na die Psalmbundel alleen kyk, is dit die harp wat die plek van die trompet onder die voorste drie musiekinstrumente inneem. Die trompet kom slegs een maal in die Psalmbundel voor (Ps. 98:6), teenoor die agt keer wat daar in die Psalmbundel na die harp verwys word. Manders (2004:80) het in sy studie aangetoon dat daar `n definitiewe opbou van die musiekinstrumente in die Psalmbundel bestaan. Die Psalmbundel is die beste voorbeeld van die musikale rykdom van die antieke Israeliete en vereis daarom verdere aandag in hierdie studie.

---

<sup>20</sup> [www.google.com](http://www.google.com): “shofar in Israel today”

<sup>21</sup> Genesis, 1 Samuel, 1 Kronieke, Job, Psalms, Jesaja, Esegiël & Daniël.

### 3.4 Musiekinstrumente in die Psalmbundel

Behalwe die musiek en musiekinstrumente wat in Israel se aanbidding in die algemeen in die Ou Testament genoem word, is dit opmerklik dat die Psalmbundel hieroor reflekteer. Baie opskrifte in die Psalmbundel suggereer musikale aktiwiteit. Die term “vir die koorleier” lei vyf en vyftig van die psalms in. Alhoewel daar baie spekulasié en onsekerheid oor hierdie opskrifte is, verwys dit waarskynlik na ‘n musikant van die tempelmusiek (Walvoord et al, 1983:781).

Israel het haar eie geskiedenis as ‘n lewe van “ko-eksistensie met God” verstaan, ‘n soort vennootskap met God. Die beste voorbeeld van hierdie verhouding met Jahwe kan in die Psalmbundel raakgesien word (Anderson, 1975:502-503). Die 150 psalms word in die Hebreeuse Psalmbundel onder die titel *Tehillim* (lofliedere) vervat. Dit is vanuit hierdie “lofprysings” duidelik dat Israel ‘n verbondsgemeenskap was wie se primêre band van eenheid die aanbidding van Jahwe was (Anderson, 1975:504). Al die liedere van die Psalmbundel het eers op hul eie bestaan en is oorspronklik gedig vir gebedstye, pelgrimstogte of oorlogstye (Van der Watt et al, 2003:385). Die psalms was waarskynlik eers losstaande gedigte wat as liedere onder die ou Israeliete bekend was. In latere ontstaansfases is psalms wat sekere inhoudelike ooreenkomsste vertoon het, saam gegroepeer en dan as bundels mondelings onder die volk gesirkuleer (Burden et al, 1987:9).

Van al die ander soorte psalms waar musikale terme voorkom, is daar spesifieke soort psalms wat verband hou met musiek, naamlik die lofpsalms<sup>22</sup> waarin die lof van God besing word, gewoonlik met ‘n kenmerkende inleiding, ‘liggaam’ en ‘n slot. Ons vind verskeie psalms wat klaagliedere<sup>23</sup> is, ander wat dankliedere<sup>24</sup> is

<sup>22</sup> Pss 8, 19, 29, 33, 47, 65, 67, 68, 96, 98, 100, 103-105, 111, 113, 114, 117, 135, 136, 145-150.

<sup>23</sup> Volksklaagliedere – Pss. 44; 74; 79; 80 en 83. Individuale klaagliedere – Pss. 3; 6; 13; 22; 38; 39; 42; 51; 61; 63; 86; 102; 130 en 140-143.

<sup>24</sup> Individuale dankliedere – Pss. 18; 30; 32; 34; 40:2-12; 41; 66; 92; 107; 116; 118 en 138.

Dankliedere van die volk – Pss. 6; 7; 66:8-12; 67; 124 en 129.

en nog ander wat die Here se koningskap besing<sup>25</sup> (Burden, 1987:23-26). Omdat die oproep om God te prys by so baie van dié psalms voorkom, is die Hebreeuse enkelvoudige naam *Tehillā* vir hierdie versameling lofpsalms, oorgedra op die Hebreeuse psalmbundel as geheel. Hallelujapsalms<sup>26</sup> vorm deel van die lofpsalms en kry hul naam van die feit dat hierdie soort psalms elkeen met die Hebreeuse woord ‘*Halleluja*’ begin en eindig. Behalwe die Hebreeuse ‘*halleluja*’ aan die begin en einde van Psalm 150, begin elke reël in hierdie slotpsalm met die woorde “Prys Hom”. Die digter roep elke lewende wese op aarde op om hulle harte voor die Here uit te sing en te speel in wat as die “grootste lofsang van alle tye” beskryf word (Burden, 1991:193).

Lofprysing is `n natuurlike reaksie van die mens op wat hy/sy van God ontvang het (Brueggemann, 1988:1). Indien ons meer spesifiek raak oor lofprysing aan God in die Bybelse tradisie kom ons voor die deur van die Psalmbundel te staan. Die Psalms is ongetwyfeld die sentrale bron vir lofprysing in die Bybel (Brueggemann, 1988:3).

Dit is duidelik dat dit die redaktors se intensie was dat die Psalmbundel as `n geheel gelees moet word. Psalms 1 en 150 is `n bewys hiervan (Whybray, 1996:19). Die Psalmbundel word formeel en intensioneel ingelei deur Psalm 1 met `n boodskap wat wil sê dat `n lewe ondergeskik aan die Tora `n voorvereiste is vir `n lewe voor God. In verhouding daartoe stel Psalm 150, aan die einde van hierdie bundel, die uitkoms van só `n lewe: `n ekstravaganza van lof wat daarop uit is om die hele skepping te mobiliseer tot `n spontane en ongereserveerde aksie van verering, lof, dankbaarheid en ontsag. Tussen hierdie twee grense van die Psalmbundel word dit vir die leser duidelik dat digkuns, sang en musiekinstrumente `n groot rol gespeel het om hierdie uitkoms teweeg te bring

<sup>25</sup> Psalms wat gekenmerk word deur verskeie uitsprake wat met koningskap verband hou, bv. “Die Here is Koning” (Ps. 93:1); “die Here regeer” (Pss. 96:10; 97:1; 99:1); “God is Koning” (Ps. 47:8-9); “Jubel tot eer van die Here, die Koning” (Ps. 98:6); “hoog verhewe bo alle volke” (Ps. 99:2); “die volke erken bewend sy gesag” (Ps. 99:1); “Sion is bly” oor die Here se optrede “as regter”(Ps. 97:8); “U het reg en geregtigheid...gevestig” (Ps. 99:4); “sy reddingsdade” (Ps. 98:2 e.v.) en “vas staan u troon van ouds af” (Ps. 93:2).

<sup>26</sup> Pss. 105-107; 111-114; 116-118; 135-136 en 146-150.

(Brueggemann, 1984:167). Voordat ons egter na die voorkoms van die musiekinstrumente binne die Psalmbundel kyk, is dit noodsaaklik om die breë samestelling van die Psalmbundel te verstaan. Op die volgende bladsy volg `n tabelvormige uiteensetting van die Psalmbundel met verwysing na die vyf boeke wat binne die Psalmbundel voorkom.

Uit die aard van hierdie studie wil ek veral die voorkoms van die musiekinstrumente binne die Psalmbundel uitlig as `n belangrike aspek om die lofprysing van Jahwe volledig te aksentueer. Die Psalmbundel bied `n vlugtige oorsig oor watter musiekinstrumente algemeen bekend en in Israel in gebruik was. Daar is sewe musiekinstrumente wat in die Psalmbundel voorkom, naamlik die lier, harp, ramshoring, tamboeryn, trompet, fluit en simbale (Manders, 2004:12). In elkeen van die vyf boeke binne die Psalmbundel word melding gemaak van musiekinstrumente soos uit die tabel op die volgende bladsy duidelik word.

Boek 1 Psalm 1-41	Boek 2 Psalm 42-72	Boek 3 Psalm 73-89	Boek 4 Psalm 90-106	Boek 5 Psalm 107-150
Psalm 1 en 2 – inleiding tot die Psalmbundel  Die Dawid- bundel Ps 3- 41 (uitgesluit Ps 33)	Psalm 42-83 – Die Elohistiese bundel. Opgebou uit drie kleiner versamelings:  I. Die Koragsalsms: Ps 42-49  II. Die klein Dawidbundel: Psalm 51-72  III. Die Asafpsalms: Ps 50; 73-83  Aanhangsel by die Elohistiese bundel – Ps 84-89 – wat bestaan uit: Koragsalsms: Psalm 84; 85; 87; 88 'n Psalm van Dawid: Ps 86 'n Psalm van Heman: Ps 88 'n Psalm van Etan: Ps 89		'n Aantal los Psalms: 90- 103  Die Hallelujapsalms Psalm 104-106	107; 114; 118; 136; 137  Ps 111-113; 115-117 Psalm 135 Psalm 146- 150  Dawidpsalms Ps 108-110; 138-145  Wetspsalm: Ps 119  Bedevaarts- psalms: Ps 120-134  Slotdoksologie en slot van psalmbundel as geheel: Ps 150
Slotdoksolo gie: Psalm 41:14	Slotdoksolo gie: Psalm 72:18-20	Slotdoksolo gie: Psalm 89:53	Slot- doksologie: Psalm 106:48	

**Tabel 3.2: Uiteensetting van die 5 boeke binne die Psalmbundel  
(Burger, 1987:16)**

<b>Boek 1 (Ps 1-41)</b>	<b>Boek 2 (Ps 42-72)</b>	<b>Boek 3 (Ps 73-89)</b>	<b>Boek 4 (Ps 90-106)</b>	<b>Boek 5 (Ps 107-150)</b>
33:2 lier en harp	43:4 lier 47:6 ramshoring 49:5 lier 57:9 harp en lier 68:26 tamboeryn 71:22 harp en lier	81:3 Lier, harp en tamboeryn 81:4 ramshoring	92:4 harp en lier 98:5 lier (2x) 98:6 Trompette en Ramshoring	108:3 harp en lier 137:2 liere 144:9 harp 147:7 lier 149:3 Tamboeryn en lier 150:3 harp, lier en ramshoring 150:4 tamboeryn en fluit 150:5 Simbale (2x)

**Tabel 3.3 – Verspreiding van die musiekinstrumente in die Psalmbundel  
(Manders, 2004:75)**

Wanneer literatuur uit enige era bestudeer word, is dit van kardinale belang om die literêre vorm wat die outeur gebruik het, te bepaal. Na aanleiding van die vormkritiese studies van Hermann Gunkel en andere het dit moontlik geword om die psalms te kategoriseer, die verskillende tipes psalms sowel as hul

karaktertrekke te identifiseer en laastens hul geskiedkundige oorsprong vas te stel. Dit alles help ons om beperkte insig te kry in Bybelse musiek, waarvan die vernaamste tipes lofprysingshimnes, koninklike psalms, dankseggingsliedere, troonbestygingspsalms en klaagliedere is (King & Stager, 2001:286).

Van die twintig teksverse in die Psalms waarin daar na musiekinstrumente verwys word, kom die lier in meer as die helfte daarvan voor. Die harp verskyn in byna die helfte van hierdie teksverse. Die res van die instrumente word tussen een en vier maal vermeld.

Volgens Tabel 4.3 hierbo word die meeste musiekinstrumente in verskeie teksverse in Boek 5 van die Psalmbundel genoem, teenoor slegs een verwysing elk na die harp en lier in Boek 1 van die Psalms. Die musiekinstrumente vertoon 'n opbou in klankintensiteit regdeur die Psalmbundel en vorm 'n crescendo wat uiteindelik in Psalm 150 op 'n hoogtepunt eindig (Manders, 2004:74).

Die eerste verwysing na musiekinstrumente, in Boek 1 van die Psalmbundel, is as deel van 'n lofprysingshimne (Ps. 33). Die kern van hierdie soort psalms is die besef van die digter en die gemeente dat hulle hulself van aangesig-tot-aangesig met God bevind – Hy wat die almagtige en genadige God is. Hul aanbidding tot en verwondering van Sy heilige teenwoordigheid is 'n natuurlike uitvloeisel vanuit die gedagte aan al die groot en glorieryke dinge wat Hy vir hulle gedoen het (Mowinckel, 1992:81).

Psalm 43, waar na die lier verwys word (v.4), is 'n individuele klaagsalm wat in verskeie Hebreeuse manuskripte met Psalm 42 gekombineer is. Laasgenoemde is 'n moontlike aanduiding dat hierdie twee psalms oorspronklik een was (Hughes & Laney, 1993:214). Die verwysing na die lier in hierdie psalm beklemtoon die prominensie van lofprysing as deel van die offer wat aan Jahwe gebring word.

Psalm 47 is `n loflied (himne) wat spesifiek ook die koningskap van God besing (Burden, 1987:26). Die handeklap, uitroepe van lof, die blaas van die ramshoring en `n lofprysingsrefrein reflekteer iets van `n feesgeleenheid waar erkenning gegee word aan God as koning (Vosloo & Van Rensburg, 1999:639). Soos reeds in hoofstuk 2 vermeld is, was die ramshoring verskeie kere geblaas tydens die salwingseremonie van `n koning.

In Psalm 49 word weer eens melding gemaak van die lier en in Psalms 57 en 71 word beide die harp en lier ingespan om Jahwe te prys, terwyl dit in Psalm 68:26 die tamboeryn is wat as deel van `n optog vir die koning gebruik word om Hom te prys. Daar word wel ook in laasgenoemdce psalm melding gemaak van ander snaarinstrumente wat deel van die lofprysing was, sonder dat hulle by die naam genoem word.

In Boek 3 van die Psalmbundel word presies dieselfde aantal en soorte musiekinstrumente vermeld as in Boek 2. Die verwysing na al hierdie instrumente kom slegs in een psalm voor (Ps. 81) waar die volk weer eens opgeroep word om God te prys. Die Paasfees, Fees van die Weke en die Fees van die Tabernakel was feesgeleenhede wat jaarliks in Jerusalem gevier is. Laasgenoemde fees het op die vyftiende van die sewende maand met volmaan afgeskop. Dit was tydens hierdie fees waar Jahwe met die tamboeryn, lier, harp en ramshoring vereer moes word (Walvoord et al, 1983:853).

In Boek 4 word in twee psalms melding gemaak van musiekinstrumente, naamlik Psalms 92 en 98. Die tamboeryn word in hierdie boek weggelaat om plek te maak vir die trompet – die enigste verwysing na hierdie musiekinstrument binne die groter Psalmbundel. Psalm 92 word beskryf as `n “Lied vir die sabbatdag”. Ons weet dat musiekinstrumente in die tempel ingespan is ter verering van Jahwe. Hier is `n bewys daarvan. In Psalm 98 – `n lied wat die Here se koningskap besing (Burden, 1987:26) – word, behalwe die lier, harp en ramshoring, van die trompet melding gemaak. Die trompet en ramshoring word

in dieselfde asem genoem as deel van die verwysing na die Here as Koning wat daarop dui dat dit meer van `n seinfunksie hier kon hê as om musiek te maak; daarvoor was die ander snaarinstrumente genoem.

En dit bring ons by die laaste boek, Boek 5, van die Psalmbundel waar 8 teksverse verwys na musiekinstrumente. Die helfte hiervan is deel van die finale “Hallel”. Al die musiekinstrumente kom dan ook in die laaste boek ter sprake, met die uitsondering van die trumpet wat slegs in Psalm 98:6 vermeld is.

In Psalm 108 kom die harp en die lier weer ter sprake (v. 3) as begeleiding van die loflied vir die Here aan die begin van die dag. Die eerste vyf verse van hierdie psalm stem ooreen met Psalm 57:7-11 waar na die harp en lier verwys word (Ps. 57:9) en dien gelyktydig as loprysing en `n gebed tot Jahwe om oorwinning in die stryd teen die vyand te behaal (Hughes & Laney, 1990:222).

Psalm 137:2 maak slegs melding van die liere wat die Israeliete aan die bome opgehang het tydens hul ballingskap. Hulle word deur die Babiloniërs gespot om `n Sionslied te speel, maar hulle weier. Om as ballinge weg van Jerusalem en die tempel waar hulle aanbid het `n lied te speel, is ondenkbaar.

Die laaste verwysing na `n musiekinstrument in Boek 5 is in Psalm 144:9. As begeleiding van die nuwe lied tot eer van die Here word die lier hier vermeld, kort voor die reeks musiekinstrumente wat in die finale “Hallel” ter sprake kom.

In Psalm 147:9 word melding gemaak van die lier en in Psalm 149:3 word na beide die tamboeryn en lier verwys. Daarna volg Psalm 150:3-5 waar byna al die musiekinstrumente van die Ou Testament gelys word. Al drie laasgenoemde psalms is lofliedere en vorm deel van die “grand finale” van die *Psalter* wat navorsers soos Benjamin Britten, Igor Stravinski, Anton Bruckner and Cesar Franck geïnspireer het (Ravasi, 1998:859).

Behalwe die bogenoemde klompie verse waarin musiekinstrumente ter sprake is, is daar `n hele aantal ander psalms wat musikaal gebruik is of wat verwys na die musikale optrede van die Israelietiese gemeenskap.

So het die Israeliete byvoorbeeld op elke Sabbat, behalwe die een voor Nuwe jaar, die “Groot Hallel” gesing. Die Hebreeuse woord ‘Hallel’ beteken “prys” net soos Halleluja “Prys Yah (of Jahwe)!” beteken. Hierdie “hallel” het uit Psalm 136 bestaan en soms is verse 3-21 van Psalm 135 bygevoeg (Stuhlmueller, 1989:47).

Die kortste psalm van die hele bundel (Ps. 117) som in twee verse op wat in verskeie ander psalms beklemtoon word en wat in Psalm 150 as crescendo-klimaks bevestig word: almal moet God prys (Ps. 117:1), want aan Sy trou en liefde is daar geen einde nie” (Ps. 117:2) (McCann, 1993:55-6).

Die pelgrimspsalms (Pss. 120-134) was gesing wanneer die Israeliete na Jerusalem opgegaan het vir die drie belangrikste feeste binne hul geloofstradisie. Hulle was gewoonlik deur Priesters of Leviete vergesel op hul reis en het hierdie psalmliedere van harte geken (Ross, 2006:266). Wanneer die Israeliete opgegaan het na die “huis van die Here” was hulle met vreugde vervul (Ps. 122:1). Uit Psalm 100 is dit duidelik dat hulle die poorte van die tempel met lof- en dankliedere betree het. Wanneer hulle offers (vir Jahwe) gebring het, moes die Leviete altyd gereed wees om met `n lied dank te bring aan die God van Israel (vgl. Ps. 66:13-16) (Ross, 2006:271-2).

### **3.5 Psalm 150 – crescendo van lof**

Psalm 150 roep “alles wat asem het” op om die Here te “prys”. Ses van die sewe musiekinstrumente wat in die Psalmbundel en die res van die Ou Testament verskyn, word opgenoem. Psalm 150 is al die “Grand finalé” van die Psalmbundel genoem (Manders, 2004:60). Die orkes wat in hierdie psalm ter sprake, kom sluit alle moontlike blaas-, snaar- en slaginstrumente in met die

ramshoring wat die teken gee om te begin speel; die harp en lier wat as snaarinstrumente die wysie aandui; die tamboeryn wat die maat vir die koordanse aangee; die fluit met sy sage, strelende tone en die simbale wat as bronsplate teen mekaar geslaan word by die “crescendo” (Burden, 1991:193).

Psalm 150 sluit nie alleen die Hallel Psalms en die laaste boek van die Psalmbundel af nie, maar vorm terselfdertyd die slot van die hele kanonieke Psalmbundel (Gerstenberger, 2001:458) en saam met Psalm 149 eggo dit die posisie van Psalms 1 en 2 in omgekeerde volgorde (Terrien, 2003:930). Hierdie laaste psalm is `n merkwaardige himne wat hemel en aarde met mekaar verbind in sy bedryf van lofprysing waar die heiligdom beide die tempel in Jerusalem en die groter realiteit van die hemel insluit (Eaton, 1967:316). Dieselfde imperatiewe werkwoord (*hālēlū*) begin in al die verse, behalwe die laaste een. Hierdie oproep tot lof kom dertien maal in hierdie “crescendo” van lof na vore (Clifford, 2003:318). Daar word stelselmatig na `n klimaks toe beweeg in vers 4 wanneer die musiekinstrumente twee-twee genoem word met die herhaling van die simbale (v.5) – wat die hardste klanke van al die musiekinstrumente voortbring. Daar heers onsekerheid by navorsers oor wat presies bedoel word met “prys Hom met simbale, prys Hom met galmende simbale!” (v.5). Dit mag dalk dui op twee metodes waarop die simbale bespeel was, eerder as twee verskillende soorte instrumente, naamlik terughoudend aan die eenkant en uitbundig aan die anderkant. Ritmiese afwisselings tussen harde en sage simbaalslae kon moontlik aansluit by ritmiese asemhaling terwyl die lof van Jahwe besing is as slotpsalm vir hierdie bundel van lof (Keel, 1978:340). Aan die anderkant bestaan die moontlikheid van twee verskillende soorte simbale (Terrien, 2003:929).

Van al die musiekinstrumente wat in Psalm 150 genoem word, bring die simbale die hardste voort. Direk hierna volg die teenstelling in vers 6a wat die klimaks van hierdie laaste psalm skitterend komplementeer (Allen, 2002:403). Uiteindelik word nie net die orkes nie, maar alle wesens wat asemhaal opgeroep en dis hier belangrik om te onthou dat in die Hebreeuse taal die gedagte van “asem” die

teken van lewe is wat van God kom. Hierdie laaste vers van die Psalmbundel neem ons dus terug na die skepping waar alle lewende dinge geskep is deur die goddelike asem (Goulder, 1998:258).

Die gebruik van al die genoemde musiekinstrumente hier in Psalm 150 is vir ons `n teken van die feestelike liturgie van die tempelaanbidding wat die Psalmdigter met opset hier ingesluit het om lig te werp op die hele Psalmbundel. In die lofprysing tot God word die betekenis van die hele wêreld vervul (Weiser, 1962:841).

### **3.6 Rol van musiekinstrumente in oorlogvoering**

Nie al die musiekinstrumente in die Ou Testament is tydens oorlogvoering gebruik nie. Dit was meestal die ramshoring en die trompet wat vir hierdie doel gebruik was. Die ramshoring was die belangrikste instrument tydens oorlogvoering. Dit was die trompet se sein wat met groter presisie ingespan is om gedetailleerde instruksies aan die weermag oor te dra (Freedman 1992:936).

Spesifiek die ramshoring was telkemale deur die Israeliete gebruik in tye van oorlog of wanneer `n aanval op die vyand geloods moes word. Esegiël 33:3 meld die ramshoring se geluid wat as waarskuwingsteken in oorlogstye gedien het. Verskeie ander tekste in die Ou Testament beklemtoon hierdie gebruik van die ramshoring as instrument (Vgl. Jer. 4:5, 19, 21; Jer. 6:1, 17; Jer. 42:14; Eseg. 7:14; Hos. 5:8, Am. 2:2; Sef. 1:16). Ook in Nehemia 4 word die rol van die ramshoring as oorlogsinstrument uitgelig.

Dit is verder belangrik om kennis te neem van die ramshoringblaser wat vir Nehemia moes volg en bystaan tydens die stryd om die muur rondom Jerusalem onder teenstand weer op te bou. Dit is `n aanduiding van die prominensie wat hierdie instrument tydens weerbaarheidsituasies gehad het. Sekere burgers van die volk is opgelei en aangestel om die ramshoringblaser ten tye van oorlog te wees. Hierdie taak was opgedra aan iemand wat deurentyd op die uitkyk moes

wees vir waar en wanneer die vyand gaan toeslaan. Verder was dit sy taak om die res van die burgers of soldate te waarsku deur middel van 'n bepaalde blaassein op die ramshoring. In die geval van Nehemia was dit 'n werkersgroep. Hulle moes in reaksie op die ramshoringblaser se sein as 'n verdedigingsmag optree wat die bouwerk aan die muur en die mense van die stad moes beskerm (Vosloo & Van Rensburg, 1999:535).

Alhoewel enige Israeliet hierdie taak kon verrig, was dit nie enige iemand wat as 'n ramshoringblaser kon optree nie. So 'n persoon moes goed onderlê wees in die Tora en godvarend geleef het. Daar is na hom verwys as *tokea* wat "blaser" beteken of *Ba'al Tekia*, "Meester van die blasers"<sup>27</sup>.

Die ramshoring het in sowel oorlogvoering as Israel se aanbidding 'n prominente rol gespeel. Dit is die enigste instrument in Joodse liturgie wat onveranderd gebly het en vervolgens die meeste aandag van navorsers deur die eeu geniet het (Braun, 2002:26).

Omdat die oproepinstruksies ver en wyd gehoor moes word, is baie ramshorings gelyktydig geblaas. Dit is waarskynlik die rede waarom die Ou Testament net een keer na 'n ramshoring in die enkelvoud verwys (Hos. 5:8) en al die ander kere in die meervoud. Die ramshoring is geblaas om mense tot aksie te laat oorgaan soos wanneer 'n groot skare in beweging gebring moes word (Eks. 19:13); as soldate die geveg moes begin (Rig. 3:27); wanneer die Sabbat aangebreek het (Lev. 23:23) en om tydens gevvaar alarm te maak (Neh. 4:18).

Daar word in die Ou Testament melding gemaak van die trompette wat tydens oorlogsaanvalle geblaas moes word (Vgl. Num. 10:9; 2 Kron. 13:12). Dit was 'n voorskrif van die Tora dat die priesters tydens oorlog op die trompette alarm moes blaas. Daar word slegs drie maal van die trompet melding gemaak as 'n musiekinstrument wat geassosieer word met oorlog in die voor-eksiliese konteks

---

<sup>27</sup> [www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org)

(twee maal in 2 Kon. 11:14 en in Hos. 5:8). Die trompet is eerder deur volksgenote as deur amptenare van die kultus bespeel (Braun, 2002:14).

Uit verskeie Ou Testamentiese tekste en psalms kom na vore dat die trompet, soos die ramshoring, veel meer as seininstrument ingespan is. As gevolg van die klank van die trompet wat ver gehoor kon word, was dit die ideale musiekinstrument om tydens oorlogstye te gebruik om bepaalde boodskappe aan die leiers en die volk deur te gee.

Ander musiekinstrumente is ook ingespan by gebeure wat met militêre optrede verband hou. Die tamboeryn is gereeld gebruik om aan dansers die maat aan te gee. Danse in die antieke tyd was sinoniem met militêre oorwinnings. Vroue het meestal aan hierdie danse deelgeneem. Uit verskeie tekste in die Ou Testament (vgl. Eks. 15:20; Rig. 11:34; 21:21; 1 Sam. 18:6, 21:12, 29:5) is dit duidelik dat dit `n manier was om die oorwinnaars in hul tuisstad terug te verwelkom (Burden, 1991:188).

### **3.7 Rol van musiekinstrumente in aanbidding**

Musiek was onlosmaaklik deel van die antieke Israeliete se aanbidding (Clow, 1962:259). 2 Kronieke 29:26-27 verwys na die “instrumente van Dawid”. Soos wat die koning die woorde, plekke en tye vir korale optredes ingestel het, so het hy ook die musiekinstrumente “ingestel” vir die plekke en tye waar dit bespeel moes word (1 Kron. 23:5; 2 Kron. 7:6; vgl. Kleinig, 1993:78).

Uit 1 Kronieke 25 blyk dat musiek in die tempel geen geringe saak was nie. Die sangbegeleiding in die tempel was onder die koning se beheer. Asaf, Heman en Jedutun was vir besondere diens in die tempel afgesonder waar hulle onder begeleiding van die liere, harpe en simbale as profete moes optree (1 Kron. 25:1). Dit is duidelik dat daar `n keuringsproses was voordat manne daarvoor aangestel is (1 Kron. 16:41-42). Volgens 1 Kronieke 25:3-6 het Jedutun leiding geneem, waarskynlik as voorganger of dirigent wat die begeleiding van die

instrumentespelers voorgegaan het. Verskeie lede van die volk, jonk en oud, was opgelei vir `n bepaalde diens van musikale aard tydens tempelbyeenkomste, terwyl ander nog leerlinge in diensopleiding was (vgl. 1 Kron. 25:8).

Verskeie rituele voorwerpe was noodsaaklik vir die uitvoering van die offer-rituele by die tempel, net soos in die Tabernakel (Kleinig, 1993:77). Hierdie voorwerpe was in twee groepe verdeel, naamlik dié wat deur die priesters alleen hanteer is as voorwerpe vir gebruik by gereelde rituele offers en dié wat deur die Leviete gebruik is in sekondêre aspekte van die rituele. Eersgenoemdes word in Kronieke "heilige voorwerpe" genoem (1 Kron. 23:13) en laasgenoemdes "voorwerpe van diens". Die Kronis het musiekinstrumente as deel van bogenoemde voorwerpe ingesluit vanweë hul gebruik in tempelrituele (Kleinig, 1993:78).

Die ramshoring was nie slegs prominent in die tempel tydens spesifieke aanbiddingsgeleenthede nie, maar dit is volgens Psalm 81:4 gebruik tydens ander feesgeleenthede. Ook die jubeljaar is deur die ramshoring ingelei (Lev. 25:9-10) om daarmee bekend te maak dat dit `n jaar is wat op besondere wyse aan die Here gewy moes word. Van die sewe Joodse feeste wat ons in die Bybel aantref (Lev. 25:8-17) is die jubeljaar of "hersteljaar" `n tyd waarin skuld afgeskryf moes word. Die jubeljaar moes telkens deur die ramshoring ingelei word.

Die trompet is baie in die godsdienstige byeenkomste van antieke Israel gebruik. Hierdie blaasinstrument is vroeër in Israel se geskiedenis gereeld tydens oorlogvoering gebruik. Later, ná die uittog, is dit veel meer as `n kultiese en priesterlike instrument begin gebruik (Braun, 2002:15). Moses het van God instruksies ontvang (Num. 10:2) vir die vervaardiging en gebruik van die trompet. Dit het ingesluit die byeen roep van die leiers vir vergadering en die aankondiging van die opbreek van die kamp. Vanaf hierdie punt in die geskiedenis het die trompet in die tradisie van antieke Israel `n instrument geword wat slegs deur die priesterdom bespeel is (Num. 10:8; Neh. 12:35, 41). Die trompet is vir vele

godsdiensstige gebeurtenisse aangewend en het die volgende ingesluit: tempelgebeure (2 Kon. 12:14), om die volk bymekaar te roep (Num. 10:2), tydens Joodse feeste (Num. 10:10), tydens die vervoer van die ark van een plek na 'n ander (1 Kron. 15:25; 2 Kron. 5:12) en tydens die aflegging van 'n eed (2 Kron. 15:14).

Dit is geensins te betwyfel dat musiek en musiekinstrumente 'n prominente rol in antieke Israel gespeel het nie. Die Ou Testament reflekteer verskeie aspekte van 'n musiekkultuur van die antieke Israeliete. Hul gebruik van musiek en musiekinstrumente in veral hul godsdiensstige byeenkomste sowel as op oorlogsfront, bevestig die kultuur. Die Israelitiese sang, die vorm en taal van hul lofprysing en aanbidding, tesame met al die musiekinstrumente deur hulle ingespan, omsluit die fundamentele temas van hul geloof. Elke himne staan in diens van die sentrale tema van die hele Ou Testament: die God van Israel is alleen God en vereis onverdeelde trou van die hele skepping (Miller, 1986:78).

## HOOFSTUK 4

### SLOTBESKOUINGS

#### 4.1 Inleiding

In hierdie sintese word die belangrikste aspekte van die hele studie saamgevat en afgerond. Die aanvanklike probleem word weer duidelik gestel aan die hand van verskeie vrae wat in hoofstuk 1 ter tafel was. Daarna word die oorspronklike doelwitte van hierdie navorsingstudie uiteengesit en die metodologie van die studie verduidelik, voordat die vrae van die probleemstelling beantwoord word. Laastens sal die hipotese met oortuiging bevestig word.

#### 4.2 Probleemstelling

Verskeie navorsingsbronne het reeds aangetoon dat musiek en musiekinstrumente `n belangrike rol in die kultuur van die antieke Nabye Ooste gespeel het. Indien dit wel so `n belangrike komponent van verskillende volke was, is gereken dat hierdie studieveld nog lank nie volledig ontgin kan wees nie. Ten einde `n sinvolle bydrae tot hierdie studieveld te maak is gekies vir `n ondersoek na die voorkoms en rol van bepaalde musiekinstrumente binne die verskillende kulture van die antieke Nabye Ooste en spesifiek Palestina, asook die Psalmbundel in die Ou Testament. Hierdie probleem is aan die hand van `n aantal vroegtegniese vragen gestel:

- Watter plek het die **ramshoring**, **harp** en **lier** in die antieke Nabye Oosterse wêreld ingeneem?
- Waarom word soveel melding gemaak van die **ramshoring** in die Ou Testament?
- Watter rol het die **ramshoring** in oorlogvoering en die aanbidding van Israel gespeel?
- Is daar `n rede waarom die **ramshoring** – en nie `n ander musiekinstrument nie – soveel prominensie geniet het?
- Hoe populêr was ander musiekinstrumente in die daagliks leefwêreld van die antieke Israeliete?

- Het die **lier** en die **harp** ook soveel prominensie in Palestina geniet as in ander kulture van die antieke Nabye Ooste?
- Is daar enige ander musiekinstrumente wat `n noemenswaardige rol gespeel het?

#### 4.3 Doelwitte

Dit is vervolgens belangrik om weer `n kort uiteensetting van die oorspronklike doelwitte van hierdie studie te gee. Die vernaamste doelwitte was:

- om aan die hand van reeds bestaande literatuur `n selfstandige begrip te vorm van die tipe musiek en musiekinstrumente van die breë antieke Nabye Oosterse leefwêreld;
- om die plek en funksie van musiek en musiekinstrumente in bepaalde antieke kulture van die antieke Nabye Oosterse wêreld vas te stel, naamlik dié van Egipte, Kanaän, Mesopotamië en Palestina;
- om die tipe musiek en musiekinstrumente wat kenmerkend was van die Ou-Testamentiese leefwêreld te identifiseer en hul plek en funksie onder die Israeliete in Palestina te bepaal;
- om die tipe musiek en musiekinstrumente wat in die Psalmbundel vermeld word te identifiseer en hul rol, frekwensie van voorkoms en betekenis toe te lig;
- om aan te dui hoe musiek en musiekinstrumente `n prominente rol in oorlogvoering en godsdiensaanbidding van die Israeliete in die Ou-Testamentiese leefwêreld gespeel het;
- om aan te dui dat daar veral drie musiekinstrumente was, naamlik die **ramshoring**, **harp** en **lier**, wat groter prominensie geniet het as ander musiekinstrumente in die meeste antieke kulture en in die alledaagse lewe van die Israeliete;
- om aan te toon dat die **ramshoring** dié musiekinstrument was wat die meeste in die Psalmbundel vermeld word en die grootste prominensie van alle musiekinstrumente van die Ou-Testamentiese leefwêreld vertoon.

#### 4.4 Metodologie

Hierdie was primêr `n literatuurstudie. Die metodologie van hierdie navorsing was om na reeds bestaande bronne te gaan kyk wat op die studieveld van musiek en musiekinstrumente gekonsentreer het. Verder is die Bybel self ekstensief geraadpleeg aangesien dit veral die leefwêreld van die Israeliete in Palestina vir ons uitbeeld. Daarna is op die Psalmbundel van die Ou Testament gekonsentreer met spesifieke ontleding van die musiek en musiekinstrumente van Psalm 150.

#### 4.5 Finale sintese

Samevattend kan gesê word dat die invloedryke bydrae wat musiek en musiekinstrumente in die lewe van `n volk maak, nie onderskat moet word nie. Hoe kosbaar dat hierdie musicale rykdom binne antieke volke nie staties gebly het nie, maar sonder enige keer oorgelewer en gedeel is met ander volke wat hierdie rykdom nog verder verhoog het. Met elke volk of kultuur wat bykom word die klanke meer hoorbaar en mooier. Net so het die musiek in die lewens van die antieke Israeliete ontwikkel van primitief tot professioneel en onder andere die volgende musiekinstrumente ingesluit: ramshoring, harp, lier, tamboeryn, fluite, simbale, trompette en dromme.

Aan die hand van hoofstuk 2 is `n breë, selfstandige begrip gevorm rakende die musiek en musiekinstrumente van die antieke Nabye Oosterse leefwêreld. Egipte, Kanaän, Mesopotamië en Palestina het onder die vergrootglas gekom ten einde `n voller prentjie te kon vorm. Onder Mesopotamië is verdere aandag geskenk aan die Sumeriërs en die Babiloniërs wat beide inwoners van Mesopotamië was. Dit het duidelik geword dat die oudste rekords van musicale organisasie uit Sumerië en Egipte kom. Egipte was sonder twyfel dié land in die Mediterreënse wêreld met die grootste rykdom van musiek en musiekinstrumente. Hulle lang geskiedenis met grafiese en geskrewe oorblyfsels wat strek vanaf ongeveer 3000 v.C. tot in die Romeinse era, het vandag `n waardevolle bron geword in vergelykende studies van beide die

musiekinstrumente van Mesopotamië en die Bybel. Alhoewel die antieke Israeliete nie huis afbeeldings gemaak het van hul musiekinstrumente en ander kultiese voorwerpe nie, het veral die Egiptenare hiervoor opgemaak en dien dit as `n goeie maatstaf vir die inhoud van die musikale rykdom van die hele antieke Nabye Ooste, Palestina ingesluit. Ondersteunend hier toe het die praktyk van antieke buurvolke wat oor-en-weer van mekaar geleent het, ook wat kultuur- en godsdienspraktyke aanbetrek, meegebring dat ons `n beter prentjie kon vorm van die aard en inhoud van die antieke Israeliete se musiek-kultuur. Die vorme van musiek en die musiekinstrumente self, asook hul plek in funksie binne die konteks van die Ou Testament en die Psalmbundel kon bepaal word.

Van hierdie musiekinstrumente het dit geblyk dat die ramshoring, harp en lier in die hele antieke Nabye Ooste, veral ook in Palestina, `n belangrike plek ingeneem het. Dit het duidelik geword dat al drie hierdie musiekinstrumente by al die nasies binne die antieke Nabye Ooste wat in hoofstuk 2 onder bespreking gekom het, teenwoordig was. Verder is gevind dat van hierdie drie, die ramshoring by verre die meeste in beide die Ou Testament en die Psalms vermeld word.

In Hoofstuk 3 is nader ondersoek ingestel na die plek, rol en betekenis van musiek en musiekinstrumente onder die antieke Israeliete binne die Ou-Testamentiese leefwêreld. Sonder twyfel het die ramshoring in beide die Israeliete se oorlogvoering en aanbidding `n prominente rol gespeel. Soos reeds genoem is, word die ramshoring in 19 van die 39 boeke van die Ou Testament aangetref en in vier van die vyf boeke binne die Psalmbundel. Alhoewel daar in sommige Ou Testamentiese boeke slegs een verwysing na die ramshoring is, is dit genoeg om bewys te lewer dat hierdie instrument bekend was aan die mense van daardie tyd en terselfdertyd ook in gebruik was deur die volk. Hierdie musiekinstrument word vandag steeds baie hoog deur die Jode aangeslaan. Die reikafstand van die klank van hierdie windinstrument het hom ideaal gemaak vir die oproep van mense na aanbiddings- en feesgeleenthede, asook om die begin,

einde of oorwinning van `n oorlog aan te dui. Dit was ideaal om soldate te laat weet wanneer om aan te val of eerder terug te trek. Dus was die ramshoring, net soos die trompet ook, eerder as `n seininstrument gebruik in stede van `n musiekinstrument binne die kultuur en konteks van die antieke Israeliete. Ander positiewe kenmerke wat sy populariteit in die antieke tyd verhoog het, is die feit dat die ramshoring maklik en vir baie goedkoop gekonstrueer kon word.

Alhoewel snaarinstrumente soos die harp en lier baie populêr was, kon dit nie die aantal verwysings na die ramshoring oortref nie, as gevolg van sy ekstensiewe gebruik as seininstrument tydens beide oorlogvoering en aanbidding. Teenoor die oorweldigende voorkoms van die ramshoring in die Ou Testament, het dit duidelik geword dat die lier in minder as die helfte van hierdie boeke voorkom (slegs in 8 boeke)<sup>28</sup>, terwyl die harp in slegs drie Ou Testamentiese boeke vermeld word (Psalms, Daniël en Amos). Soos die lier, kom die harp egter in al die boeke binne die Psalmbundel voor. Die verspreiding van die verwysings bring ons egter by dieselfde gevolgtrekking uit as met die ramshoring: dit was `n bekende instrument wat algemeen deur die Israeliete gebruik is. Verskeie argeologiese bewyse en ikonografiese voorstellings beklemtoon dat beide die harp en lier in die antieke tyd `n algemene gesig was. Albei het `n sagte klank gehad wat hul populariteit verder verhoog het. Alhoewel die harp in slegs drie boeke genoem word, vind ons meer as vyftig verwysings na die harp in teksverse binne die Ou Testament. Om hierdie rede word die harp as die mees besondere musiekinstrument (teenoor die ramshoring as seininstrument) gerekend.

Verskeie ander musiekinstrumente was vir verskeie redes populêr. So is die maak van trompette `n opdrag van God gewees vir gebruik deur die priesters tydens aanbiddingsgeleenthede by die Tabernakel (Num.10:2). Tamboeryne is gebruik om danse te begelei soos gesien kan word uit Miriam se lofsang nadat Jahwe die Israeliete veilig deur die Rietsee gebring het (Eks. 15). Dromme is ook gebruik vir danse en veral ook tydens prosessies, hetsy koninklik al dan nie.

---

<sup>28</sup> Genesis, 1 Samuel, 1 Kronieke, Job, Psalms, Jesaja, Esegiël & Daniël.

Laasgenoemde kan duidelik gesien word in die musikale rykdom wat in die Psalmbundel na vore kom met die drie mees prominente musiekinstrumente – die ramshoring, harp en lier – wat die Psalmbundel deurgaans vul en uiteindelik die feestelike liturgie laat opbou tot ‘n “crescendo van lof” wat ons in Psalm 150 aantref. Elkeen, van die sagste tot die hardste: wind-, snaar- en perkussie-instrumente dra by tot ‘n aanbiddingservaring wat nie net meer tot die antieke Israeliete beperk is nie, maar wat uitkrag tot in ons moderne era. Vandag se aanbidding van Jahwe, die God van Israel wie se teenwoordigheid nie hoof opgeroep te word met die ramshoring nie, maar wie se koningskap eerder deur hierdie seininstrument bevestig moet word, behels ‘n lofsimfonie wat moet uitkrag om geloofsgemeenskappe toenemend te inspireer, asook ander navorsers te stimuleer om hierdie studieveld aan te pak wat nog baie rykdom inhoud vir dié wat sal waag om dit verder te ontgin.

Nadat die kring soveel kleiner getrek is en die vergrootglas ook op die Psalmbundel geplaas is, kan die hipotese van hierdie navorsingstudie uiteindelik nou gestaaf word met die ontdekings wat gemaak is.

*Musiek en musiekinstrumente het deel gevorm van beide die godsdiens en sosiale kultuur van die meeste volke van die antieke Nabye Ooste.*

- *Veral in Palestina het musiek en musiekinstrumente ‘n belangrike deel uitgemaak van die Israeliete se daaglikslewe.*
- *Van al die musiekinstrumente van die antieke tyd het die **ramshoring**, **harp** en **lier** die meeste voorgekom in die antieke kulture, veral ook in Palestina.*
- *Van hierdie drie musiekinstrumente het die **ramshoring** ‘n buitengewoon belangrike rol vervul in beide die Israeliete se oorlogvoering en godsdiensbeoefening.*

Uit Hoofstuk 2 het duidelik geblyk dat musiek en musiekinstrumente definitief `n baie prominente rol gespeel het in die kultuur van die mees bekendste volke van die antieke Nabye Oosterse wêreld.

In Hoofstuk 3 is die aanvanklike hipotese dat musiek en musiekinstrumente ook in Palestina `n baie belangrike rol gespeel het, bevestig. Met die eerste verwysing na musiekinstrumente, reeds in Genesis 4:21, is die prominensie van beide musiek en –instrumente reeds gesuggereer. Alhoewel die Israeliete maar aanvanklik arm was aan musikale talent, het hul blootstelling aan die Egiptiese musiekkultuur `n groot impak op hulle gemaak. Na die uittoog uit Egipte, regdeur hul omswerwinge in die woestyn, waar Jahwe in die Tabernakel aanbid is, tot in die latere Tempelperiode word die ontwikkeling van die Israeliete se musikale talent duidelik. Musiek was onlosmaaklik deel van elke aspek van hul lewens.

Verder is gemerk dat veral drie musiekinstrumente – die **ramshoring**, **harp** en **lier** – in die antieke Nabye Ooste prominent was. Hierdie drie musiekinstrumente was ook in Palestina die meeste in gebruik gewees.

Uit `n studie van die voorkoms van hierdie musiekinstrumente in die boeke van die Ou Testament het dit duidelik geword dat die **ramshoring** by verre die meeste vermeld word. Die rede hiervoor is dat die **ramshoring** meesal gebruik is as `n seininstrument tydens oorlogvoering, sowel as in die aankondiging van godsdiensdienstige dae en feesgeleenthede in die Israeliete se godsdiensbeoefening.

Die ander twee snaarinstrumente, naamlik die **harp** en **lier**, het as musiekinstrumente albei groot aanhang verwerf, maar uit die navorsing wat in hierdie studie gedoen is, blyk dit dat die **harp** van al die instrumente wat vir die maak van musiek ingespan is, die meeste steun geniet het.

Musiek en musiekinstrumente het `n prominente plek geniet binne die antieke Nabye Ooste en in die Ou-Testamentiese leefwêrelde. Vandag word musiek en

musiekinstrumente wêreldwyd steeds hoog aangeslaan en in meer as een oopsig gebruik om die mense as emosionele en geestelike wese te verryk. Hierdie historiese erfenis se wortels lê te diep dat dit in die toekoms ooit sal verdwyn van die wêreldtoneel af. Dus kan ons met verwagting uitkyk vir ander wat hierdie kultureel-geestelike rykdom verder sal ontgin en so 'n verdere bydrae sal lewer tot die verryking van ons hedendaagse leefwêreld.

## BIBLIOGRAFIE

Achtemeier, P J, Harper & Row, P 1985. *Harper's Bible dictionary*. Includes index. (1st ed.). San Francisco: Harper & Row.

Allen, L C 2002. *Psalms 101-50*, revised. Word Biblical Commentary. Volume 21. Nashville: Thomas Nelson Publishers.

Anderson, B W 1975. *Understanding the Old Testament*. Third Edition. New Jersey: Prentice-Hall, Inc.

Bakon, Shimon. *Music and the Bible. Dor le Dor, (s.a.)* 161 – 173.

Boshoff, W, Scheffler, E & Spangenberg, I 2000. *Ancient Israelite literature in bp context*. Pretoria: Protea Boekwinkel.

Bottéro, J 2001. Religion in ancient Mesopotamia. Chicago: University of Chicago Press.

Braun, J 2002. *Music in Ancient Israel/ Palestine: Archeological, Written, and Comparative Sources*. Grand Rapids, U.K: William B. Eerdmans.

Brueggemann, W 1984. *The Message of the Psalms*. Minneapolis: Augsburg Publishing House.

Brueggemann, W 1988. *Israel's Praise: Doxology against Idolatry and Ideology*. Philadelphia: Fortress Press.

Burden, J J 1991. *Psalms 120-150*. Kaapstad: NG Kerk Uitgewers.

Burden, J J & Prinsloo, W S (Eds) 1987. *Tweegesprek met God: Die Literatuur van die Ou Testament* Deel 3. Kaapstad: Tafelberg Uitgewers.

Buttrick et al, 1962. *The Interpreter's Dictionary of the Bible – An Illustrated Encyclopedia*. New York: Abingdon Press.

Clifford, R J 2003. *Abingdon Old Testament Commentaries, Psalms 73-150*. Nashville: Abingdon Press.

Clow, W M 1962. *The Bible Reader's Encyclopaedia and Concordance*. London: Collins' Clear-type Press.

Douglas, J D 1980. *The Illustrated Bible Dictionary*. Sydney: Inter-Varsity Press.

Eaton, J H 1967. Dancing in the Old Testament. *Expository Times* 86: 136-140.

Emmanuel, M 1916. *The Antique Greek Dance after sculptured and painted figures*. London: John Lane.

Freedman, D N 1992. *The Anchor Bible Dictionary*. Volume 4. New York: Doubleday.

Gerstenberger, E S 2001. *Psalms Part 2 and Lamentations*. Grand Rapids, Michigan: Eerdmans Publishing Company.

Goulder, M D 1998. *The Psalms of the Return (Book V, Psalms 107-150) Studies in the Psalter*, IV. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Gnuse, R K 1997. *No other Gods. Emergent Monotheism in Israel*. Sheffield: Sheffield Academic Press.

Hughes, R B & Laney, J C 1990. *Tyndale Concise Bible Commentary*. Wheaton, Illinois: Tyndale House Publishers.

Keel, O 1978. *The Symbolism of the Biblical world*. London: SPCK.

Keel, O & Uehlinger, C 1998. *Gods, Goddesses, and Images of God in Ancient Israel*. T & T Clark, Edinburgh: Fortress Press.

King, P J & Stager, L E 2001. *Life in Biblical Israel*. Louisville, London: Westminster John Knox Press.

Kleinig, J W 1993. *The Lord's Song. The basis, Function and Significance of Choral Music in Chronicles*. Sheffield: JSOT Press.

Kraus, R 1969. *History of the dance in art and education*. Eaglewood Cliffs, New Jersey: Prentice-hall Inc.

Lion-Cachet, F N 1989. *So het dit begin. God se boodskap in die raamwerk van die historiese boeke van die Ou Testament*. Potchefstroom: PU vir CHO, Dept. Sentrale Publikasies.

Lockyer, H 2004. *All the music of the Bible: An exploration of musical expression in Scripture and Church hymnody*. Peabody, Massachusetts: Hendrickson Publishers.

Manders, C 2004. *Die Simfonie-orkes in die Psalmbundel*. Unpublished MA mini dissertation. Pretoria: University of Pretoria.

Matthews, V H 2006. *Manners & Customs in the Bible. An Illustrated guide to daily life in Bible times*. Third Edition. Massachussets: Hendrickson Publishers.

McCann, J C 1993. *A Theological introduction to the book of the Psalms. The Psalms as Torah.* Nashville: Abingdon Press.

McKenzie, J L 1976. *Dictionary of the Bible.* London: Geoffrey Chapman.

Miller, P D 1986. *Interpreting the Psalms.* Philadelphia: Fortress Press.

Mowinckel, S 1992. *The Psalms in Israel's worship.* Sheffield: JSOT Press

Pfeiffer et al 1975. *Wycliffe Bible Encyclopedia.* Chicago: Moody Press.

Ravasi, G 1998. *Psalms 90-150. The International Bible Commentary. A catholic and ecumenical commentary for the twenty-first century.* Edited by William R. Farmer e.a. Pages 841-859. Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.

Ringgren, H 1973. *Religions of the Ancient Near East.* London: SPCK.

Ross, A P 2006. *Recalling the hope of glory: Biblical worship from the garden to the new creation.* Grand Rapids, Michigan: Kregel Publications.

Ryken et al, 1998. *Dictionary of Biblical Imagery.* Leicester, England: Intervarsity Press.

Sendrey, A 1969. *Music in Ancient Israel.* London: Vision Press.

Sendrey, A & Norton, M 1964. *David's Harp.* New York: New American Library.

Smith, M S 1990. *The Early history of God: Yahweh and other deities in ancient Israel.* San Francisco: Harper & Row Publishers.

Stainer, J 1914. *The Music of the Bible: With some account of the development of modern musical instruments from Ancient types.* London: Novello.

Stander H F & Louw J P. 1990. *Gebruike en gewoontes in die Bybel.* Vereeniging: Christelike Uitgewers Maatskappy.

Stuhlmueller, C 1989. *The Spirituality of the Psalms.* Collegeville, Minnesota: The Liturgical Press.

Tenney, M C 1975. *The Zondervan Pictorial Encyclopedia of the Bible.* Grand Rapids, Michigan: Zondervan Publishing House.

Terrien, S 2003. *The Psalms. Strophic Structure and Theological Commentary.* Cambridge, UK: William Eerdmans Publishing.

Vosloo, W & Van Rensburg, F J (red) 1999. *Die Bybellennium Eenvolumekommentaar,* CUM CD. Vereeniging: Christelike Uitgewersmaatskappy.

Walvoord, J F, Zuck, R B 1983-c1985. *The Bible knowledge commentary : An exposition of the scriptures.* (Dallas Theological Seminary) Wheaton, Illinois: Victor Books.

Webber, R. E. 1994. *The Complete library of Christian worship. Volume 1. The Biblical foundation of Christian worship.* Nashville, Tennessee: StarSong.

Weiser, A 1962. *The Psalms. A Commentary.* London: SCM Press Ltd.

Whybray, N.1996. *Reading the Psalms as a book. Recent views on the composition and arrangement of the Psalter.* Sheffield: Academic Press. (JSOTS 222)

[www.wikipedia.org](http://www.wikipedia.org)

[www.google.com](http://www.google.com)

## OPSOMMING

<b>Titel:</b>	<b>Musiek en musiekinstrumente in die OT en antieke Nabye Ooste</b>
<b>Deur:</b>	<b>Manie Groenewald</b>
<b>Studieleier:</b>	<b>Prof DJ Human</b>
<b>Departement:</b>	<b>Ou Testament</b>
<b>Graad:</b>	<b>Magister Artium</b>

Musiek was geen vreemde verskynsel in die Ou Testament en antieke Nabye Ooste nie. Om die waarheid te sê was musiek en die instrumente wat gebruik was om musiek te maak, deel van elke volk binne die antieke Nabye Ooste en nou vervleg met hul kultuur en godsdienstverering. Verskeie vorme van musiek soos sang, dans, orkesmusiek en musikale instruksie was algemeen bekend asook `n hele aantal musiekinstrumente, waar onder snaar-, wind- en perkussie-instrumente tel. Van hierdie drie kategorieë waarin antieke musiekinstrumente ingedeel is, was sommige meer en ander minder populer. Die vraag ontstaan watter musiekinstrumente dan die mees populerste was en waarom? En het hierdie musiekinstrumente dieselfde prominensie in die Ou Testament gehad?

Die bekendste volke van die antieke Nabye Ooste word bestudeer ten einde te verstaan watter rol musiek binne hul onderskeie kulture gespeel het, asook watter musiekinstrumente die meeste aandag geniet het. Op dieselfde wyse word gekyk na die Israeliete binne die konteks van die Ou Testament met spesifieke verwysing na musiek en musiekinstrumente binne die Psalmbundel. Argeologiese en ikonografiese voorstellings word gebruik om `n beter prentjie te skets van hoe musiekinstrumente gelyk het en hoe die antieke mens musiek gemaak het. Die frekwensie van voorkoms van musiekinstrumente binne die Ou Testament en Psalms word uitgewys ten einde die mees prominente instrumente te identifiseer.

Uit bogenoemde word dit duidelik dat die ramshoring, harp en lier die belangrikste musiekinstrumente binne die konteks van die Ou Testament (en meeste volke van die antieke Nabye Ooste) was en dat die ramshoring die meeste in oorlog en aanbidding gebruik was.

## SUMMARY

**Title:** **Music and musical instruments in the OT and ancient Near East**

**By:** **Manie Groenewald**

**Promoter:** **Prof DJ Human**

**Department:** **Old Testament**

**Degree:** **Magister Artium**

Music was no strange phenomenon in the Old Testament and ancient Near East. To be honest music and the instruments used to make music formed part of every nation of the ancient Near East and were very much part of their culture and worship practices. Various forms of music, i.e. singing, dancing, orchestral music and musical instruction was generally known, as well as a whole lot of musical instruments, which included string-, wind- and percussion-instruments. Of these three categories in which ancient musical instruments were divided, some were more and others less popular. The question is then raised which of these musical instruments were the most popular ones and why? And did these instruments enjoy the same prominence in the Old Testament?

The most well-known nations of the ancient Near East is studied in order to understand the roll which music played in each nation, as well as which musical instruments enjoyed the most attention. In the same manner the Israelites is studied in the context of the Old Testament with specific reference to the music and musical instruments in the Psalms. Archeological and iconographical representations are used to create a better picture of how musical instruments looked and how the ancient people made music. The frequency in which musical instruments are mentioned in the Old Testament and Psalms is shown in order to identify the most prominent instruments.

From the above-mentioned it becomes clear that the ram's horn, the harp and lyre were the most important musical instruments within the context of the Old Testament (and most nations of the ancient Near East) and that the ram's horn were used the most in times of war and worship.